

HABARI

jambo sana


Musbrief van die Oos-Afrika-mindekring

Newsletter of the Friends of East Africa

no 15.

okt '87 Oct.

*Querschnitt durch den HornKessel von E nach W
von N gesehen. (15)
Die roten Punkte bedeuten Dampfstellen,
grün bedeutet Vegetation.*



Refer page 58 for more on this sketch.

2

EDITORIAL.. REDAKTIONEEL..

OKTOBER 3 OCTOBER 1987

We look forward to seeing you all at the Fountains for our 20th birthday celebrations and for the 21st Fountains-meeting which is recorded in our minutes. Bring your picnic basket, chair and family and come and enjoy the day. Everyone always asks, "Why should I go? I don't remember anyone". You will be suprised at the people who will be there. Your presence is what makes the day. Believe it or not - we will miss YOU.

Iemand het eendag vir my gese, "Ag! hoekom moet ek gaan? Dit is net vir die ou Kenia mense." Dit is eintlik pragtig om te sien hoeveel mense daar altyd is van albei kante van die ewenaar. Ouers spog graag met hulle kinders en kleinkinders; so bring hulle ook saam en maak dit 'n familie- byeenkoms.

The small size of the print in the last newsletter was an attempt to limit costs. Next year we will make the letter shorter and the printing bigger. Don't let this put you off; we still need articles for the letter. The 1986 letter cost R344-00. This year we expect the cost to be about R500. I will only know when it is all printed. The typing is done free and the material is all bought at cost.

Die voorstel was dat ons 'n borg kry wat ook dan advertensiespasie kan kry. Die sirkulasie is tans 610, nie sleg vir advertering nie. Hoe lyk dit? Kan iemand daarmee help. Indien meer geld beskikbaar is kan ons foto's ook plaas. Hoe beter die uitgawe noe meer gaan dit kos. Enige aanbod? In oeselfde asem moet ons baie dankie se vir die bydraes wat ingekom het vir die brief. Daar is mense wat hulle hande diep in die sak steek om te help om dit aan die gang te hou. Ook by die fonteine gee die mense mildelik by die kollekte. DANKIE.

We appreciate the assistance from all the friends: news items, contributions, reminiscences. It all contributes to the success of the venture. Keep it up. THANK YOU.

Die Komitee:-

- 1 Dr H J C Pieterse (Voorsitter) Dawestraat 19a, Troyeville, 2094
- 2 Mnr A G Boshoff (Sekretaris) Posbus 40546, Arcadia. 0007
- 3 Mnr D M Steyn (Redakteur - Habari) S A H S, Settlers. 0430
- 4 Prof P G Nel, Posbus 11454, Brooklyn. 0011
- 5 Ds P Grobler, Posbus 427, Monumentpark Uit. 2. 0105
- 6 Ds A Driescher Posbus 8009. Edleen, Kempton Park. 1625
- 7 Mev M Louw, Lynwoodweg 47, Brooklyn, 0181.
- 8 Mnr F J Z Booysen, Itermagolaan 13, Monumentpark 0181
- 9 Ds E de Waal, Keeromstraat 28, Daspoort, 0082
- 10 Mev E Stow, Belerenestraat 14, Rietondale, 0084

Books to read:

The Charging Buffalo - The History of the Kenya Regiment by Guy Campbell. pub. Leo Cooper. Distributed by Heineman.

For more information on the Kenya Regiment contact Sid Moskoff, P O Box 48170, Roosevelt Park. 2129

UITREKSELS UIT VERGADERINGS VAN DIE KOMITEE.

10 Maart 1967

SKENKING TEN BATE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BYBELGENOOTSKAP.

Die Voorsitter lees 'n brief voor wat gerig is aan Mnr Boshoff. Die brief is afkomstig van Ds Loots, streeksekretaris van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap. Hy erken ontvangs van R2400 as skenking aan die Bybelgenootskap van Eldoret Dingaansfeeskomitee.

SAAMTREK OP 7 OKTOBER 1967

Mnr Louw lees 'n brief van Mnr Sybrand van Niekerk voor waarin hy die versoek aanvaar om as spreker by die saamtrek op te tree.

4 Oktober 1969

DIE NAAM VAN DIE KOMITEE

Na verskeie voorstelle vir 'n naam vir die Komitee (Oos-Afrikakomitee, Oos-Afrikavereniging, Oos-Afrikavriendekring) word besluit op die naam Oos-Afrika-vriendekomitee soos voorgestel deur Mnr v d Westhuizen.

19 Maart 1971

NUUSBRIEF

Mnr de Vos voel dat 'n nuusbrief wat gedurende die jaar na alle Oos-Afrikaners gestuur word, 'n samehorigheids gevoel sal verseker.

2 Oktober 1976

RUSOORD VERGENOEG

Ds Grobler rapporteer dat die bedrag van R40000 deur die gemeente Vergenoeg oorgeplaas is na die SKDB waar dit in Trustfonds geplaas is. Die rente hierop sal gebruik word in belang van Rusoord Vergenoeg. Die Oue Tehuis Sal huisvesting bied aan 212 bejaardes, (100 woonstelle is beskikbaar en 100 verswaktes sal opgeneem kan word). Oud-Oos-Afrikaners sal voorkeur geniet onderhewig aan sekere toelaatingsvereistes. Ds Grobler sal aanbevelings doen. Aansoekvorms is verkrygbaar van Die Sekreteraris SKDB, Bus 433, Pretoria. Inwoners sal op 1 Februarie 1977 die gebou mag betrek maar die amptelike opening sal later plaasvind waartydens ds. Grobler namens die komitee sal optree.

DIE WAT ONS VOORUITGEGAAN HET

Willie Jacobs - 1 Nov 1986. Vroer van Ngare-Nanyuki. Oorlede te Rust der Winter waar hy ook begrawe is. Sy vrou Annie is alreeds op 12 Des 1984 oorlede. Daar is drie seuns uit huwelik gebore en jongste, Wimpie bly op die plaas.

Freek v d Merwe - 2 Des 1986. Toe hy uit Tanzanie vertrek het, het hy in Warmbad kom bly waar hy vermoor is. Sy vrou was geruime tyd in die hospitaal met mes wonde.

Hermanus Lemmer - 7 Des 1986. Het in Ngare-Nanyuki gebly. Hy word oorleef deur sy vrou Nellie.

Annie van Schoor - 18 Des 1986. Gebore Hitchcock. Het in Ngare-Nanyuki gebly waar sy met Koos getrou is wat op 23 Julie 1975 oorlede is in 'n trein ongeluk. Sy is in Windhoek oorlede, en laat vier kinders na.

Jan v d Merwe - begin April 1986. Broer van Freek v d Merwe, is oorlede in Phalaborwa. Hy was ook van Tanzania.

Willem de Beer - einde April. Oorlede in Pretoria. Hy het by Pelindaba gewerk. Was vroer van OlJoro naby Arusha, die seun van Attie de Beer.

Julia Laubscher - 8 Mei 1987. Oorlede die dag na haar 63ste verjaarsdag. Gebore de Beer, dogter van Willie de Beer. Sy het op Middelburg gewoon maar is in Pretoria oorlede. Haar man Koos woon nog op Middelburg. Ook vroer van OlJoro.

Martna Klopper - 3 Junie 1987. Gebore Bekker, van Kampfontien naby Arusha. Haar man Hans Klopper is op 3 Aug 1987 oorlede. Albei na 'n siekoe in die hospitaal op Witrivier.

Willem de Beer - 11 Junie 1987. Oorlede op Nylstroom, vroer van Oldonyosambu. Seun van Willem de Beer.

Ds Jac Conradie: Majorie van Rooyen (Behr): Rykie van Zyl (van Schoor): Tannie Venter in Durban: Mev Hester Mouton: Mnr Piet Olivier: Mnr Lucas Olivier: Danie Bosman.

.O. MOUNT KENYA RECIPES

VENISON POTTED MEAT

Take some nicely cooked venison. mince it finely. pepper and salt it well and to every lb of meat add 3/4 lb butter (melted) and a very little ground cloves. Mix all well together. press firmly into a basin and cover with melted dripping. Will keep several days. Wild duck and guinea-fowl can be used also. Lady Mitchell. Government House.

TOMATO CHUTNEY

2 Teaspoons cayenne pepper. 4 lb tomatoes. 1 lb sugar, 1 oz salt, 1 oz green ginger, 1 oz garlic, all well minced; add 1 pint vinegar. Cook altogether until the right consistency and add cayenne pepper to taste. Mrs Allen Hughes, Kampala.

BAKED PUDDING WITHOUT EGGS

4 heaped tablespoons flour, 2 teaspoons vanilla, 1 teaspoon bi-carb, 4 tablespoons jam, 2 tablespoons butter, 1 cup milk. Mix all ingredients together, and bake in a greased pie dish. Mrs Barlow, Nanyuki.

APPLE PUDDING

Peel apples, cut them in halves, turn halves in the flour and put them in a frying pan, roast them on both sides in hot fat. Pour half a pint of water mixed with white wine or sherry and some sugar over it, let it boil for a few minutes and serve hot. Dooly Marx, Nyeri.

RECIPE FROM UNGA LIMITED - PLAIN PASTRY

8 oz Unga Self-Raising Flour, 3 oz lard or other neutral white fat, 1 level teaspoon salt. 3 tablespoons cold water.

Rub the lard into the self raising flour. Make a well in the centre and into this place the salt and water. Dissolve the salt and draw in the dry ingredients to make a smooth pastry. This pastry can be used with savoury dishes.

DO YOU REMEMBER?

...Kimbo fat? ...Blue Brand Margarine? ...E A Industries?
..Commercial Street Nairobi?

SALIG IS DIE SKOONHEID VAN ONS TYDELIKE UITSPANNING

-----000-----

Anderkant die rotsgekliefde Kikafurivier vlakby die grootpad wat na Moshi lei, 'n opgeskote dorpie in Tanzanië, het my vriend, ene heer Petersen, sy rustige herberg en woning in die hart van die wildernis foutloos bestuur. Wanneer 'n skaarserige reisiger uit die vreemde daar aandoen en rustig ontspan, sal so 'n onbekende toeris onwillekeurig sy soekende oë opslaan en een van die verruklikste natuurtonele denkbare aanskou. Hy sal letterlik met asemberemende bewondering en verukking lank en innig homself staan en verkyk aan die smetlose, ewig sneeubedekte koepelkruin van Kibo, die verhewe, majestueuse hoë kroonstuk van Kilimanjaro.

Hierdie eensame bergreus bly onbetwisbaar, letterlik en figuurlik, die hoogste trots van moeder Afrika. Vorstelik verhef Kibo sy weergalose altaarstruktuur duiselingwekkend ver bokant die breë, digte grysgroen oerwoudsoom wat die berg daar laer af, benede die sneeulaan, aan sy steil hange volkome bedek. Dan skitter hierdie pèrelaltaar op sy pragtigste in die eteriese wit lig van die helder tropeson. Onder die wye, grootse skepping se oneindige, wasige, ametisgetinte hemelgewelf wat die solitêre bergkruin eindeloos omsluit, word die gemoed van seker enige besoekende natuur liefhebber in hierdie gewyde tropetempel spontaan tot innige aanbidding ontroer. En dis nie alleen tot sonbeligte tonele beperk nie. Kilimanjaro se unieke bou, kleurskakeringe, sneeuval en ander bronne van skoonheid, bly aangrypend.

Ook in die voelbare stilte van die swaël tropenagte wanneer groot, eensame sterre teen die lanferswart omvloerste ruimtedieptes soos brandende fakkels opvlam, en dan so onbegryplik naby voorkom asof 'n nietige mens hulle in die dun lug en hoogte as 't ware met uitgestrekte hande kan aanraak, skitterflonker hulle ook oor die koue bleekblink sneeuvelde en massale gletserwalle van Kibo se fantastiese buitekruin en omsoomde sneeubedekking wat eenmaal kokende, helse lawavure laat ontbrand het. Tans heers die koue skoonheid van die bleke dood wat selfs vulkane tem, oor die gryse hoof van Kibo. Maar die sterre het dit alles nog nooit vergeet nie en hou getrou die wag dwarsdeur die swartste nag totdat die son weer vertroostend skyn, waar geen ander lewe dit ooit wag nie, uitgesonder die mens wat sy God ook in die hoogste eensaam soek. Ek sê soek, maar ek bedoel in werklikheid vind, want God die Skepper, is oweral. Die Masai noem Hom die Ander Een. Dis altyd hy en die Ander Een: net Malle twee. Net hy en Lengai.

Sal ek ooit die oomblik vergeet toe generaal Wynand Malan in September 1928 die groot Ander Een daar in die hemelhoë krater aangeroept en gedank het? Onderaan die voet van die berg by Petersen se herberg ervaar die vreemde bewonderaar, wanneer hy sy oë ophef, ook dieselfde drang. Dan sê die Masai met grootse eerbied: Dit is Njaro van Kilimanjaro - die goeie gees van die berg - wat jou roep. Skielik wil jy ook alleen wees, jy en en Ander Een! Ek moes die leser eers tot binne-in die Kibo-krater lei, sodat hy kan begryp, soos ek aanvanklik bely het, dat 'n besoeker onder by Petersen se herberg tot aanbidding ontroer word.

- Nou tref dit so dat die digte oerwoud nog laer af, diegene wat sy heiligdom betree, met eerbied en ontsag besiel. 'n Mens moet veral in die hartsgebiede beland waar reënwoodstreke met liggroen ondergroei en welige klimopplante teen lang, geelgroen en mosbebaarde boomtakke haas ondeurdringbaar skyn. Die vreemde skoonheid gryp jou aan die hart. Die geoefende oog sal jou deur ondervinding hierlangs leer om olifantspaaie te soek en te volg, anders is jy spoedig in die harwar. Maar dan het ek my ook by meer as een geleentheid yskoud-soutpilaar geskrik vlak voor 'n olifant of renoster of buffel. Dan het my vluginstink my ^{teen} die eerste die beste bestygbare boom laat uitklouter met agterlating van alle skoonheidsgevoelens en aanbiddingsektase.

Die gewone man mag nie met 'n geweer die oerwoudreservaat betree nie, laat staan 'n olifantsgeweer saamneem. Indien jy sou pleit: "Maar ek moet myself tog teen 'n gewisse dood beskerm", moet jy aanhoor: "Bly daar weg. Niemand dwing jou soheentoe nie." Wat ek eintlik wil sê, is dat 'n kunssinnige skepsel se romantiese gevoelens en aanbiddingsdrange verdwyn voor 'n renosterhoring of 'n olifantstrompetgeskalm om nie eers te praat van die wrede, breedgehooringde kopstuk van 'n sluwe buffelbul nie. Enige literêre held se moedigste aspirasies word tot 'n wilde-weghol beperk met: "O, Here, help."

Alleen wyle my vriend Sangiro het ongewapen met sy rolprentkamera en 'n goingsakbedekking dit kalmpies voor grootwild en suspisieus lees gewaag. Ons mees onverskrokke grootwildjagters soos Piet Nieuwenhuizen, Willie de Beer en Gert Pretorius, om maar net drie te noem, sou nooit so met vuur speel nie. Generaal Wynand Malan het altyd gesê:

"'n Dapper man stel homself nooit koelbloedig aan onbesonne gevaar bloot nie." Maar hy het roekelose oorlogvoering in gedagte gehad. Sangiro en veel meer Willie de Beer was uithalerkannere van grootwild en hulle reaksies. Een groot les wat ek by hierdie dapperes geleer het, is om roerloos en stokstyf te midde van gevare te bly staan.

Sonder om hierdie groot les egter ter harte te neem, het ek verbasend genoeg, dit onbedagsaam volmaak reggekry min of meer soos Lot se soutpilaar-vrou. Daarna moes 'n stormloper my met geweld onderstebo stamp om homself te verseker dat ek 'n morsdooie stompie houtpaal was. Alleen 'n slukkie suiwer witblits kon my agterna soos 'n kaartman weer in elastiese beweging bring. "Wragtig, ou Deke", het Piet Jones my dan genadeloos geprys, "jy kan darem jou man staan." Dan het Piet dit nie te doen gehad met die "man" nie, maar met sy "bly staan" soos mevrou Lot se sal maar sê gehipnotiseerde stramstaan.

In die buurt van Petersen se herberg wat toe nog nie bestaan het nie, het die afgetakelde trek van Willem de Beer hulle vasgeloop teen die hoë, loodregte walle van die naby geleë Kikafurivier. De Beer, 'n gewese Dorslandtrekker, het soos ook vele ander op die pionierstrek van Tanga na die hoogland by Meru en Kilimanjaro beswyk en Gert Pretorius moes laer af, waar die verhewe oewers van Kikafu deur die meer effe vlaktes die steil walle van die diep rivier tem, 'n natuurlike deurgang soek. Dit geluk hom ook en 'n drif word oopgekap en gereedgemaak vir die waens wat toe langs Kikafu moes afsukkel daarheen. Hierdie drif en lang ente roetes wat oopgekap en rybaar gemaak is, ook deur driewe vorentoe, het 'n groot deel uitgemaak van die later historiese trek- en transportpad van die baanbrekers van die hoogland na die see.

Die gebroke De Beerstrek het in die eerste instansie 'n verkeerde trekroete deur die gewese ou Duitsoos gekies. Geruïneer deur die Goudoorlog het hulle, met wat hulle nog kon red en verkoop, inderwaarheid gevlug land-uit vir die plaaslike armoede. Die lang en moeisame trek het hulle beperkte kontant-geld verorber. Drie maande van ellende het hulle op die trekp pad geswoeg, meermale sonder die noodsaaklike lewensmiddele en medisyne. Gehawend en verwese het hulle Kampfontein, 'n versamelpunt, uiteindelik gehaal met agterlating van by die twintig dierbares. In 'n wilde land sonder die nodige infrastruktuur en markte en sonder enige staatshulp moes hulle 'n begin maak. Die keiser van Duitsland het hulle oorlogsmoed bewonder, maar 'n arm baanbreker kan daarmee nie sy maag vul nie. En Meru en Kilimanjaro kon, ondanks hulle natuurskoon, die mense nie klee nie. Skoonheid versterk die honger liggaam nie. Nou staan die beste stuurlui natuurlik aan wal en agterna geoordeel, kan enige dwaas 'n wysgeer wees, maar die soort verarmdes moes nooit getrek het en die Duitse owerheid moes hulle ook nooit toegelaat het nie. Verskeie huisgesinne het op die siektebesmette tropiese trekp pad kreppeer van ellende.

Die grond wat die Duitse owerheid desnietemin aan hulle beskikbaar gestel het, kon hulle helaas nie eet nie. Tog het die Duitsers van hierdie dapper krygshelde goeie boere verag en was teleurgestel toe hulle noodgedwonge moes uitspring om kontantgeld in die hande te kry uit ivoor en transport. Van hulle het bekende grootwildjagters opgelewer en kranige transportryers. So het hulle die wilde, onherbergsame gebied skoongemaak. Hulle het die primitiewe safaripaaië met meegaande lang sleeptoue lasdraers vervang met 'n netwerk van oopgetrapte transportpaaie en gangbare jagroetes. Onder die trekkers na Britsoos was ook enkele brandarmes, maar dit was die uitsondering en onder hulle was juis gesinne wat uit Britsoos oor die grens gestee het. Die Engelse kon hulle nie keer nie, want hulle was, ironies beskou, verowerde Britse onderdane! Soos oom Kaper gesê het: "Ek het trou gesweer aan ou Kwien Victoria, ou Edward en ou Sorsie en die hele boeletjie wat kom". "En ek is nog altyd 'n Britse opjekkerer" het oom Jan Venter dit beaam. Hoe 'n Britse "subject" die ding so kon martel, is 'n raaisel. Maar genoeg. Onder die praalalilaar van Kilimanjaro rus net Boereharte totdat die Enige kom.

DEKI.

oOo

KENYA REGIMENT LUNCH

There was a Kenya Regiment Lunch at Florida (Johannesburg) it was so nice to see so many at this lovely curried lunch, most of them were English speaking. I did not know many but I recognised a few who also come to the Fountains in October. There is a book, "The Charging Buffalo, A History of the Kenya Regiment, 1937-1963" available. If you are interested contact Sid Moscoff, Kenya Regiment Association, P O Box 48170, Roosevelt Park, 2129 he will be able to help you obtain this book, it is well worth having. At the lunch, there were people that flew down from Harare and another from Botswana, to be with their old comrades from Kenya Regiment days.

Plewman Meintjies

Meintjies, Plewman passed away in Johannesburg on the 21st January 1987 after a long illness, he was the youngest of eight brothers, he would be well known from Eldoret where he played rugby and worked for Gailey and Roberts. He is survived by his wife Tish, son Malcolm and his second youngest brother Tys.

Frieda van Heerden

Van Heerden, Frieda (Mrs) formerly from Eldoret, she played the organ in the Eldoret Church, was active with church choir. Helped with Missionary Services in Kenya. Aunt Frieda died in the Huis Vergenoeg on 25 April 1987 at the age of 93 years, she is survived by her daughter Marie van Wyk and son Hennie. Ds Piet Grobler held the service, and Ds Dednam said a prayer, they will both be remembered from the Eldoret days.

Emma Stow

VAN KENIA SE GOUDMYNE NA DIE LUPA GOUDVLED, TANGANYIKA

Ek het vir die goudmyn, Kavirondo Goldmines, Ltd., in Kakamega, as myner gewerk vir 'n jaar of wat. Ek het toe van die Lupa goudvelde in Tanganyika gehoor en dat 'n mens daar, met bietjie geluk, kon ryk word. My laaste skof in die myn was die 29ste Sept 1936, nogal nagskof. Ek en 'n maat van my is dieselfde dag daar weg, en die aand het ons by my ouers geslaap, te Broederstroom, op Plateau. Die volgende dag, die 1ste Okt., op my pa se verjaarsdag, is ons daar weg. Hier en daar is 'n paar trane afgegee, groete aan die familie daar, skryf gou. Die familie, was my Ma se drie broers met hulle vroue en kinders.

Ek het so 'n Chevy bakkie gehad, maar teespoed het vir ons by die Naivasha brug gewag. 'n Aankomende motor het ons regtervoorwiel liggies geraak, die voorband is daarmee heen, en 'n geraas ontstaan by die "ewenaar", dis nou die kar se ewenaar. Op daardie tydstop was ons ook nie ver van die ewenaar af nie!

Op Nairobi koop my maat vir hom 'n 7-9 Fiat motortjie, maar mense die dingetjie kon olie vreet. My motor het ek daar by mense laat bly tot tyd en wyl. Op Nairobi is ons weg met 'n ekstra stel vonkproppe. So al om die 100 myl omruil en olie ingooi. Op Arusha is aangedoen by 'n motorhawe, Aziz, vir herstelwerk.

Geld was min en ons het nie by hotelle oornag nie, sommerso in die veld geeet en geslaap. My totale rykdom was 7 pond 10 shs en daarmee die toekoms in. Wat 'n vooruitsig! Avontuur? of net om vry te wees? Of om jouself te kan bewys dit kan gedoen word mits jy dit op die regte manier benader en aanpak. Hoe het ekself gevoel? "Stap tot by die werk plek van jou onderneming, besluit dan", en dit werk elke keer. "T V Seuntjie."

Tussen Kondoa-Irangi en Dodoma is Ds Brant en Faan Boshoff ons verby, ook op pad na die Lupa goudveld toe, Ds Brandt het sy gemeente, die Hervormers gaan besoek. Ons het mekaar toe later daar in die goudveld raakgeloop, terwyl Ds Brandt sy bediening voortgesit het.

Toe ons so 'n 100 myl by Iringa verby is, het ons 'n kortpad deur die Vasango-vlakte gevat tot waar ons die bergpas bereik het. En met die al kronkelende pad, het ons die toppunt bereik. "Nou is ons in die die Lupa Goudveld", my maat se beroemde woorde. Soos ons aanry het hy die verskillende delfplekke se name genoem; Sangambia, ipogollo, Sinyella, Cunia. Die dorpie was baie sentraal gelee en so het die regering al sy belange van Mbeya hiernatoe oorgeplaas: 'n poskantoor, 'n polisieestasie, 'n landroskantoor en die arbeidsburo, land- en mynwesekantoor; hospitaal, garage; 'n paar hardeware winkels soos Davies & Co; Lehman's Ltd; Indier algemene handelaarswinkels, prokureurs firma, sportveld vir alle soorte sport, 'n begraaftaak en laaste maar nie die minste nie 'n hotel wat aan 'n sekere Mnr Durheim behoort het.

Na ons deur Chunia is is ons oor die Lupa-rivier, Matondas verby, verby Kungutas. Hier by die Kungatasnaambordjie wys die name soos aangedui in die prentjie: reguit aan Makangolosie, draai suid - Kungutas; draai Noord; die myn Tanganyika Gold Mines. Daar by die

10

kruising het daar 'n hotelletjie gestaan met die naam Kangutas Hotel, die eienaar Tupmaker. Hy was 'n Duitser. Van hierdie hotel kan daar geskrywe word tot met die uitbreek van die oorlog.

Nou ja ons verloor nou die spoor: Van Kangutas af, het ons die pad gevat Makangolosi toe. Dit was Sondagmiddag, die 8ste Oktober 1936, toe ons met ons soektog na my Oom, my Ma se broer, by Oom Hansie Joubert uitgekom het. Hy het ons voorgestel aan Menere Koos en Frans le Grange, daar was nog andere ook.

Oom Hansie het ons die plek beduie waar ek my Oom sou kry. Die vreugde was groot en ons het tot laat nag gesels. Met die verloop van tyd, het ek later al my Ma se broers en hulle vroue ontmoet. Ek het 'n goudelwenslisensie gekry en 3 kentekens vir die afsonderlike kleims. My eerste goudkleim het ek by Oom Daantjie van Wyk gekoop vir die bedrag van 5 pond. Die eerste goudjies wat ek bymekaar kon kry was so 'n driekwart ons, troy gewig. Daardie tyd was goud per ons agt en later tot tien pond. Baie geld vir bietjie goud, net jammer die goud was skraal gesaai.

Hoe herwin 'n mens goud uit die grond uit? Spoelgoud is los stukkies of klonte wat tussen die goud draende grond vas le. Daar is drie metodes om dit uit te haal:

Die eerste is om sluiskaste te gebruik, waar die grond oor die kaste gespoel word met water. Die kaste bevat dwarsbalkies ingele in die kaste om die goud te keer dat dit nie direk met die water en klip afspoel nie. Goud, natuurlik deur sy gewig wat swaar is, sak onmiddellik af.

Die tweede is die gebruik van panne. Enige pan wat water bevat, kan gebruik word, maar die regte panne is die gerieflikste. Goud word in 'n pan geplaas en die grond word met sekere bewegings afgespoel. Met 'n kennersoog sal dit gou duidelik word of daar iets is. Water, en nogmaals water, word gebruik.

Die derde manier is die droogblaser. Dis 'n waaier, in 'n kas, gebou, aangedryf deur 'n enjin. Bo-op die kas is 'n sif geplaas wat die groot klippe laat afrol en net die grond toelaat wat oor 'n tweede klein sif daal, waar die waaier met die sterk wind die grond weg waai en net die nodige swaar klippietjies bly agter op die sif met sy dwars balkies, en daar sal jy die goud kry. "If there is any." Die droogblaser is ontwerp deur Mnr Gert de Jager, dis onder korreksie geskryf.

Baie van die Afrikaanssprekendes was die meeste Tanganyika mense self. Vir die mense was die Lupagoudveld voorwaar 'n goeie heenkome, maar ongelukkig was dit 'n arm goudveld met net hier en daar 'n opflikkering. Daar was mense van alle nasionaliteite. Grieke, Portugese, Italianers, Duitsers, 'n Rus of twee, Engelse, Indiers by die hope ens, ens.

Hierdie mense met hulle eie identiteite is in die samelewing daar, een mens. Die een die help die ander. Daar word geen wrok gedra nie. Vandag help ek jou oor 'n maand anders om. 'n Goudoes kan nie bepaal of uigewerk word nie. Die grond wat bewerk word, sal dit lewer wat daar is en nie 'n duit meer nie.

Terwyl Ds Brandt nog daar was, het ek die voorreg gehad om hulle basaar en 'n paar dienste by te woon. Weer eens het ek die hartlikheid van die mense daar gesien, opgeruimd vrolik, 'n geloof van eerlikheid en opregtheid. Gedurende die 7 jaar wat ek daar rondgedans het, het ek baie mense leer ken van alle volkere en nasies, en daar het ek ook my grootste maats ontmoet.

Daar was nie ryk mense nie, almal het gesukkel om kop bo water te hou. Somsyds gaan dit goed, dan is jy op goud, ander tye, ou maat, gaan dit broekskeur. Hier lig ek my hoed hoog vir die manne en vroue met hulle gesinne wat nie gewankel het in hulle geloof en vertroue op hulle Hemelse Vader nie. So het hulle ook daar die Evangelie van Christus gebring en uigeleef. En ek is oortuig daarvan dat daar 'n saadjie van die Woord van God in die grond gebly het, wat 'n getuigenis sal wees van daardie tyd se lewe. Dan was daar die Rooms Katolieke Priesters met hulle vertoiking van die Evangelie. Daar waar hulle stasie was, het hulle die swartmense geleer in boubedryf en selfs landbou, tot groot voordeel vir die mense in die omgewing.

Nou so ietsie oor die Afrikaner self. Wat ek nog goed kan onthou is: Oom Hansie en tant Hessie Joubert met hulle kinders Klasie; Annie en Lood, Jawec Cilliers die tweeling en dan Gert, Oom Koos en Tant Chrissie van Dyk met hulle kinders. Oom Daantjie en tant Krissie van Wyk, die de Beers, Pieterses, die van der Merwes, Tant Bettie Ebner later Neel, haar kinders, Dick, Karel en Noekie. By hierdie familie het ek net liefde en gasvryheid ontvang. Karel het een van my grootste vriende geword. Laaste maar nie die minste nie was, Abram en sy vrou Bybie Jacobs. Oor hierdie twee persone kan ek baie skryf en sal dit net goed wees. Hulle eerstelling, 'n dogtertjie, het ek die voorreg gehad om in te bring vir doop. Hoe het ek nie gewens die kleinding moet begin skreeu nie, maar aikona!

1938 Geloftedag op die Lupa goudveld

Die handjievol Afrikaners wat daardie dag aanwesig was, het hulle bydrae met eerbied gebring aan hulle Hemelse Vader. Ek het my bydrae ook gebring met 'n voordrag: "Umzumkungunglovu" en by die laaste versie was ek ook so te se "geglovu".

Daar was Bill Martinaglia getroud met Sophie Davel, baie vermoende man. Hy was goudkoper; het twee winkels en 'n goudmyn as deel van sy besittings gehad. Sy bynaam was Bwana Chaaï, (Mnr Tee).

Ek het op verskillende myne gewerk as myner, as skofbaas, later as Mynbestuurder van die myn, met die pragtige naam "Evening Gold Star Mine"

Vir die wat belangstel, en kenners van die plekke is, maar buitstaanders is, dit nog net name van nul en geen waarde. Iposolo: Pragtige swaar en suiwer goud. Samgambio: Ook goeie en mooi goud. Hier is 'n storie verbonde aan hierdie naam. 'n Sekere oom met sy familie het met sy vragmotortjie probeer om deur 'n driffie te gaan sonder om te kyk hoeveel water daar is. Die gevolg is die motor het vasgesteek, en gevaarlik na eenkant toe oorgehel. Die dame agterop die bak, het gedink dis nou "goodbye en cherio", en sy neem 'n sprong die onbekende in en sy land in

n diep gat water teen haar sin. Maar in alle geval as 'n vreemde ou deur daardie drijfie ry dan se hulle dis "Bella se gat" en ja die Bella se gat het later heelwat goud opgelewer. Daar is Dullins Creek; Itewe met sy mooi koppies, Golden Hill, die naam spreek vir homself. Kasanga met sy eie ligte soortige goud. Bilwa met sy sponserige goud, daar het ek deur my onnoselheid 'n rykdom weggegooi. Ek en my oom het daar 'n nugget van 38 onse gekry, baie geld daardie tyd in. Chillangwa, teen die voethange van die Mbeyageberge.

So het die dae aangestap. Ek het my ouers twee keer by my gehad en dit was 'n groot voorreg. Ds Britz en Oom Gert van Rensburg het ons twee keer kom besoek. Ek was baie bly om Oom Gert te sien daar ek so te se voor hom grootgeword het, en sy vrou tant Lena. Hulle kinders, Hennie, Adam en Lena en ek was saam op skool. Oom Gert en Ds Brits was afgevaardigdes van die gemeente Vergenoeg, Eldoret, Kenia. Ons het later ook 'n tydelike Ds gehad, Ds Booysen maar die oorlog het sy dienswillige dienste kort geknip en hy is met haas en spoed daar weg. Daar was ook ander Evangelie dienaars van verskillende groepe of instansies of Kerke.

1939 Die Jaar van die Gebeurtenisse.

As mense het ons voortgegaan met die daaglikse werk, maar die spanning laai op, dit kon jy by al die Duitse onderdane bespeur. Hulle weet oorlog beteken konsentrasie kampe, of terug Duitsland toe. Oorsese nuus word al slegter. Gheheime vergaderings word deur beide die Engelse en Duitsers gehou. Luistervinke word aangestel. 1ste Sept 1936, 12 uur die nag word ek en twee van my maats opgeroep vir patrolliewerk. Fynkam die paale, teen ons sin. Doen dit tog! 3de Sept 1936: ons sit saam met van ons Duitse maats en geniet 'n middagete in 'n hostel, 'n Dame kom ingehardloop: "Aandag!" skree sy Stilte, 'n spesiale aankondiging word verag. Die kom toe: "Engeland is van nou af in 'n staat van oorlog met Duitsland. Alle Duitse onderdane word as vyande beskou en moet gearresteer word en ingebring word Landroscantoor toe." Daardie oomblikke sal ek nooit vergeet nie. Jammer om te se, daar was mense wat hulle verheug het in die ander se leed. En van Duitsers se kant af, was daar ook wat gereken het oor ses maande is dit toefie met ons.

Salaam sana, Hermanus

000

Juliana Laubscher

Laubscher, Juliana (nee De Beer) passed away on the 8th May 1987 after a long illness. Juliana was the daughter of Oom Willie de Beer of Tanganyika, he was a great White Hunter. He was also in the film "Hatarie". Juliana and her husband Koos farmed in Tanganyika. They then moved to Zimbabwe where they also farmed. Their only child, Constance was killed a week before he was discharged from the army. They were living near the Arnot power station at the time of Juliana's death. She is survived by her husband Koos, her step mother Stephanie de Beer, and a sister. Ds Wynand de Beer (formerly from Tanganyika) officiated at the funeral service. There were many Tanganyika people at the funeral, they came from far and wide.

Emma Stow

Verlede jaar het ek 'n groot fout gemaak en vergeet om die naam van die skrywer by die stukkie. "My Skooldae" op bls 36 tot by bls 38 "Ditjies en Datjies", te sit. Dit is nooit te laat om 'n fout te herstel nie. Die skrywer was Oom Bothe Enslin wat nou op Ny'stroom bly hier is nog 'n paar stukke deur hom geskrywe

Die Goudstormloop in Kakamega

Dit was hier in 1932 toe die mense na Kakamega gestroom het om goud "claims" aftepen. Baie Afrikaaners het ook daar "claims" gehad; Oom Jan Duim; Blanche van Ryneveld; Davies; Welmans; te veel om op te noem; ook die Erasmusse.

Daar is gemyn by Rosterman s; Risk Ltd; Kisumu Kidogo. Daar s skagte gesink en gedryf op die riuwe, stope gesink al die kante toe. Plekke was daar somer baie ryk goud. Op Rosterman s was 'n meule en op Risk is die klippe gemaal en die goud is uitgehaal.

De Gannel, 'n miljoener van Amerika was die eienaar van Risk Ltd. Die werkery het baie mense gehelp om geld te verdien in die depressie jare. Dit het gekom en gegaan 'n gewoel vir die vaale.

Later van iare is al die myne daar toe gemaak, dit het nie meer betaal nie. Pryse van goud was maar laag, Tien pond per ons.

Prospecteerders in Kakamega.

Mnr Soon Snyman (Gert) was siek en lus vir skaap vleis toe gaan hy daar op 'n miershoop sit waar skape wei. Hy sit daar kop onderstbo. Toe kom die swart eienaar wat die skape oppas. Die Swarte vra wat makeer, toe vertel hy hoe siek hy is en al wat sal help is skaapvleis, en hy het nie geld om te koop nie. Die Swarte kry hom jammer, vang toe gou 'n skaap, slag dit, braai 'n stuk en gee dit vir hom. Hy word toe somer dadelik gesond. Boer maak 'n plan

Mnr Jan van Ryneveldt

Hy het altyd melk gekry van 'n swart, vrou maar die koei wat sy gehaad het het later min melk gegee, naderhand was die bottle amper half. Hy vra toe hoekom sy 'n halwe bottle bring, want dit is te min, sy gee ook nie antwoord nie. Hy gaan vroeg die more na die stad en daar sit die vrou en melk haarself in die bottle, dit was die end van die melk storie.

John Adams en Jack Benn

John Adams en Jack Benn het gaan swem in die Jala rivier. 'n Krokodil vang vir Jack aan die arm en gaan vort met hom. John Adams spring op die krokodil en steek sy vingers in die oë van die krokodil, die los toe vir Jack maar sy arm was rou en stukkend gebyt. Hy vra toe vir my om hom hospitaal toe te neem. Dit was al na sonder die dag. My bakkie se ligte was getuse. toe maak ons maar 'n lantern voor vas. So is ons hospitaal toe. die pad was sleg en modderig na die dag se reen. Ons het baie bly staan en het eers tien uur die aand in Kakamega by die hospitaal

gekom. Dit was regtig 'n penarie wat nooit vergeet sal word nie. Jack moes baie pyn verduur gedurende die rit van die kamp na die hospitaal. Hy sal dit seker nooit vergeet nie.

Rooi Miere in Kakamega

Een Sondag is die van Rensburgs, Blanche's, en die Birdsey's uit om te gaan Piekniek. Hulle is na die Jala rivier toe, so 'n drie myl van die kamp af. Daar gekom het elk een 'n lekker sit plek onder die bome gesoek en Bird Birdsy het op 'n Pol gaan sit. Ongelukkig was dit 'n groot nes rooimiere, maar dit het hy eers besef toe hulle begin byt. Hy hardloop die bos in al skeende om hulp, die mansmense is agterna. Hy moes al sy klere uittrek, maar dit was nog 'n gesukkel om die rooimiere in die hande te kry want hulle kruip oor al in. Na so 15 minute of so was die rooi miere af en kon hy sy klere weer aangetrek. Toe begin die spul juk en dit juk so dat hy maar terug gaan kamp toe om iets aan te smeer wat die gejuk stil sal maak. Later is alger terug kamp toe sonder om verder piekniek te hou.

Blanche en die Likkewaan

Hierdie petalje was op ridge 8 in Tanganyika. Een Sondag gaan ons na die dam by die rivier om Likewane te skiet, daar gekom is die likewane alger in die water maar ons hoor een hardloop die bos in. Die blare wat in die paaidjie le het die geraas veroorsaak. Ons is toe agter na en die likewaan kruip in 'n gat in by die stam van 'n groot boom. Ons soek 'n lang stok, die gekry, steek ek die stok in die gat en daar kom die likewaan en hardloop na Blanche se kant toe. Hy dink die likewaan jaag hom, hy skiet met die .22 maar dit is mis, toe hardloop ek en trap die likewaan op sy nek. Ek skiet toe sy rug af. Jan kom voor die likewaan en steek sy skoene in sy bek, en daar het die likkewaan hom aan die punt van sy skoene en wil nie los nie. Jan moes die likkewaan se kop afsny om hom los te kry. Wat 'n petalje, ons het vir dae daaroor gepraat en gelag.

Botha Enslin

Effie Randall

Randall, Effie (Mrs) passed away in Vryheid. Her late husband was Reg Randall, a driver in the K.U.R. and H. she is survived by her husband Jan and a son who is married to the daughter of Frans and Sarah van Dyk.


Jackie Engelbrecht

Engelbrecht, Jackie passed away February 1987, he was the son of Philip and the late Susan Engelbrecht formerly of Nanyuki.

Looking for Lost Friend

Mrs Tish Meintjies is looking for Joe Kruger worked for Express Transport Nairobi. He married a girl from Tanganyika and they had twins. Her address is, 16 St Johns Road, Hurlyvale, 1610, Edenvale, Transvaal.

Emma Stow.



Program van Werksaamhede van die Vergenoeg, C.Z.V. VOOR APRIL--DECEMBER 1920.

17 April, Sergoit.

1. *Recitasies* :—Mejj. Johanna Davies en Anna Botha
2. *Opstel* :—Mej. Johanna v. d. Venter
3. *Samenspraak* :—De Heren, J. Taljard en Hans Monton en de juff. M. Davies en Poppie Jordan.
4. *Debat* :—Wat is beter om iets van alles te meet of alles van iets?
Openaar :—Mur. P. Jordaan : Lets van alles.
Teenstander :—Mur. J. Robinson : Alles van iets.
5. *Musiek* :—Mej. F. Keese.
N.B. Dieselfde aand sal daar een geselligheid gegee word, Kos en slaap plek sal vershat word, naas als die vriende so goed mil mees om kookies en bier te bring, sal dit welkom wees.

8 Mei, Kerkplaas.

1. *Recitasies* :—Mejj. Malie Roets, N. Wahl en M. Steijn.
2. *Lesing* :—Mej. J. Malan.
3. *Opstel* :—Mej. Maria du Plooy.
4. *Besprekingspunt* :—Dien ons gemeente genbeg aan die uitbreiding van Gods Koninkrijk?
Openaar :—Mur. C. Joubert : Ja. *Teenstander* :—Mur. P. Mouton : Neen.
5. *Musiek* :—Koorrauge

12 Junie, Broederstroom.

1. *Recitasies* :—De Heren Abram Mouton en D. Malan, en Mej. F. Emslie.
2. *Lesing* :—Mej. Joh. Viljoen.
3. *Samenspraak* :—De Heren :—Lorrie Pohl, G. Claassen en Geo. Emslie.
4. *Debat* :—Wie spandeer meer die vrouens aan modes of die mans aan rook en sport.
Openares :—Mev. F. Erasmus : Modes. *Teenstander* :—Mur. L. Smith : Sport
5. *Musiek* :—Mej. Bellie Malan en de Heer H. van Heerden.

10 Julie, Sergoit.

1. *Recitasies* :—Mejj. S. Roets en Helena Jordaan.
2. *Lesing* :—Mej. Sarah Jordaan.
3. *Opstel* :—Mej. Anna Botha.
4. *Debat* :—Gaaf die wereld voor of agteruit?
Openaar :—Mur. Joh. v. d. Venter : Vooruit. *Teenstander* :—Mur. J. Davies : Agteruit.
5. *Musiek* :—Mev. J. Robinson, en Mej. Poppie Jordan en Mur. Hans Mouton.

14 August, Kerkplaas.

1. *Recitasies* :—Mejj. S. V. de Venter, Matie Roets en Eulalia Dry.
2. *Lesing* :—Mev. P. Taljard.
3. *Debat* :—Wie was die leeste of voornaamste koning David of Hizkia.
Openaar :—Mur. J. Mouton : David. *Teenstander* :—Mur. D. du Plooy : Hizkia.
4. *Musiek* :—Sergoit en Broederstroom kinders.

11 Sept, Broederstroom.

1. *Recitasies* :—De Heer, Geog. Emslie en Mej. Joh. Malan.
2. *Lesing* :—Mej. F. Lorence Emslie.
3. *Samenspraak* :—De Haren, L. Pohl, A. von Maltitz en F. Erasmus.
4. *Debat* :—Wat is beter Rijkdom of geleerdheid?
Openaar :—Mur. H. van Heerden : Rijkdom. *Teenstander* :—Mur. F. Arnoldi : Geleerdheid.
5. *Musiek* :—Mej. Bellie Malan, M. Steyn, Joh. Malan en Mur. W. Wentzel.

9 October, Sergoit.

1. *Recitasies* :—Mejj. S. Davies en Poppie Jordan.
2. *Opstel* :—De Heer G. Roets.
3. *Joernaal* :—Deur Joernaal Komitee en Sergoit.
4. *Musiek* :—Mej. F. Keese.

13 November, Broederstroom.

1. *Recitasies* :—Mej. Tina Malan en Mur. P. Woodley.
2. *Opstel* :—Mej. M. Steijn.
3. *Samenspraak* :—De Heven Abr. Mouton en D. Malan.
4. *Debat* :—Is dit wenslik dat vrouens stemreg sal hé?
Openaar :—Mur. P. Steenkamp : Ja. *Teenstander* :—Mur. Here Malan : Nee.
- Musiek* :—Mev. H. Malan en Mur. H. van Heerden.

15 December, Kerkplaas.

1. *Recitasies* :—Mej. Joh. Viljoen en Mur. G. Claassen.
2. *Opstel* :—Mej. Bellie Malan.
3. *Lesing* :—Mej. Maria du Plooy.
4. *Besprekingspunt* :—
Spekers :—1. J. Kruger—*Piet Retief*. 2. P. Jordaan—*Paul Kruger*
3. H. van Heerden—*Pres. Brand*. 4. W. Wentzel—*Pres. Steijn*.
5. *Musiek* :—Koorseagen.

Dit was die jare voor "UHURU" in Kenya, die jare toe die wild-lewe nog in groot getalle daar voor gekom het. Onder die toesig van 'n toegewyde en goed georganiseerde Fauna en-Flora het getalle selfs gegroei, wild stroopers en ongeoorloofde jagtery is deur die Departement vasgevat en onder bedwang gehou.

Kenya was toe nog 'n ware wild paradys, ons Kenya-gebore seuns is deur ons pa's vroeg in die lewe geleer om hierdie kosbare en onoortrefbare erfenis na reg te waardeer wanneer ons op jag gegaan het (wat heeldikwels gebeur het) en onnodige wild uitroei was vir hulle 'n gruwel.

Dit is vier-uur in die oggend en op my plaas in die Weste van die land heers daar voor dagbreek al reeds 'n gerep-en-roer. 'n Pragtige dagbreek het in die Ooste sy eerste tekens getoon en 'n fris hooglandse môre-luggie het die avontuurlus in 'n mens aangewakker.

Voor die deur staan 'n sewe-ton Bedford en 'n Willys-jeep volgelaai met alles wat nodig is vir 'n drie-weke safari by die groot Tanarivier Oos van berg Kenya, die streek wat bekend was as die "Mekka" van ivoor jagters.

Hier het die ou groot bosreus met lang wit tande nog ongerep in hulle koningkryk geregeer. Dis hier waar dit bekend was dat van Afrika se grootste, mooiste en swaarste tand draers diep spore getrap het. My mikpunt, saam met twee jong avontuurlustige seuns wat my sou vergesel, altwee nog lig in die broek met melkbaardjies wat net gegin vertoon en wat nie self sou jag nie, maar hul eerste lesse in die jagkuns opdoen, was reguit na hierdie ivoor "Mekka" toe die Tanarivier omgewing. Nog voor die sonnetjie sy rooi gloed in die Ooste kon uitsprei, was ons al oppad om te kyk of ons nie een van die grootsters onder die grootstes se wit tande op ons pad terug, saam huistoe kan bring nie.

Die buitelyne van die Sergoit-koppies op my plaas het gou in die skemerte verdwyn. Op ons pad vorentoe, wat vir ons as die land "Kanaani" voorgekom het, was daar nog baie kilometers om af te lê. Eers moes ons in die diep litteken van die geweldige skeur vallei afsak en dan langs blou krater-mere op sy vloer verby, om weer oorkant die geweldige walle uit te beur. Weldrae het die stofdampe van die Ngong-reeks berge agter ons opgeslaan en kronkelend het die pad ons verby Fort Hall en die dorpie Nyeri geneem.

Gou het die majestieuse spitse van berg Kenya Sewentienduisend voet hoog met sneeubedekte kruine langs ons die lug in getroon. Die berg se hange is bedek met digte groen lower oerwoud, 'n gesig wat ons al meermale gesien en lief gehad het.

Hier het vanaf die ys-velde daarbo die eerste yskoue waterstrome ontstaan wat later by mekaar aansluit om deel van die groot rivier, die Tana te vorm. Die hange van die ou vulkaan-berg het skuiling gebied vir 'n menigte soorte wilde diere, insluitende die ou bosreus.

Na gelang van die tye het die olifante gereeld hulle omswerwinge weerskante van die Tana onderneem tot na aan die Indiese oseaan, vyfhonderdmyl na die Ooste. Myle weerskante van die rivier is die wêreld dig begroei met allerhande bosse en struike en is dit ongerepte natuur, vol wilde lewe, omtrent alles soos die Groot Skepper dit gemaak het.

Ek het diep asem gehaal toe die Bedford en die Jeep remme aanslaan by die sogenaamde Rooibrug oor die bo-lope van die Tana en tot stilstand kom. Die terrein en omgewing hier het vir my 'n buitengewone bekoring ingehou.

Asvaai van die stof op sy swart bakkies, het "Kibiritie" (vuurhoutjies) soos my Nandi kampkomedant of kok se naam was, sy bas van agter uit die vragmotor gelig, en gou 'n draaitjie in die bos langs die pad gaan gooi. In kontras met die berg met die lowergroen oerwoud is hierdie regte olifant wêreld, 'n see van hoë en meestal droë struikgewaase, hak-en-steek en ander hoë bome, waartussen die wilde olifantsisal plek-plek uitgeslaan het. Die olifante is baie lief vir hierdie ekstra "bonanza" van kos en het die gewoonte om bondels uit te trek, kaf te kou en weer in lang wit stringe uit te spoeg.

Die wilde sisal groei so 'n paar voet hoog dig aanmekaar en die blare het veneinige giftige dorings op die punte, daarom beweeg in mens liefds op oopgetrapte olifant voetpaaië daardeur. In die droë maande was dit vir die olifante ook 'n bron van vog. Aangesien die rivier dan die enigste ander bron van water is, het hulle dan ook so elke paar dae besoek afgelê by die rivier om te bad en water te drink.

Skaars was "Kibiriti" die struik in of hy kom lam geskrik weer daaruit en beduie hy het vars olifantmis, amper so groot soos voetballe asook tamaaië groot olifantspore raakgeloop. By hom hou by 'n paar wit stringe opgehoude sisal as bewys dat hy die waarheid praat. "Dankie Kibiriti, dis wat ons graag wil sien". Oorkant die brug het 'n hongerige visarend op 'n stomp gesit, reg om in die rivier te duik as hy dalk 'n niksvermoedende vis se geplof in die water gewaar.

Ons het nie tyd om te mors nie en gou is die Bedford en Jeep weer aan die loop oor die brug na die Suidekant. 'n Paar honderd treë vanaf die brug het ons die pad verlaat om op 'n ou olifantpad die bosse in te vaar oor 'n hoë bult en al langs die rivier af vir ongeveer vyftien kilometer. Hier het ons weer by 'n draai van die rivier aangesluit. Dit het ons 'n paar uur geneem want meeste plekke moes 'n pad oop gekap word vir die voertuie deur die ruigtes. Hierdie pad het ons 'n paar jaar tevore ontdek en met groot moeite gevolg en die bosse so min moontlik versteur om ander jagters weg te hou van ons kampplek op die walle van die rivier. Onder reuse wildevy en waterbessiebome het ons kamp opgeslaan, omring deur kolle malala en ander sierlike hoë palmbome.

Die rivier is hier omtrent tweehonderd meter breed en redelik vlak. Die olifante het hier 'n deurgang gevind wat hulle gereeld gebruik het en ons kamp het net langs hierdie deurgang gestaan.

Die eerste nag al het ons 'n gekraak in die bos naby die kamp gehoor en 'n olifant het skielik 'n skril trompetgeluid die nag in gestuur. 'n Rukkie was dit stil, toe was daar weer 'n gekraak, nou nader aan ons en 'n gerammel, amper soos veraf donder-weer. Dit het ons onrustig op ons kampbedjies laat regop sit en gou is daar nog stompe op die kampvure gegooi.

Dit was duidelik dat dit 'n hele trop olifante moes wees aan die gerammel (die geluid wat alle olifantjagters ken). 'n Bietjie later het die rumoer stil geword en ons het weer rustiger asem gehaal.

Nou het ons ten minste geweet dat hier olifante in die omgewing was, wie weet, dalk het ons nie verniet die kampplek "Kampi-a-Bahti" (kamp van geluk) genoem nie - wie weet wat more wag! Al wat ons slaap nog verder versteur het, was die basnote van seekoeie wat in die rivier baljaar het net bokant die plek wat "Fourteen Falls" geheet het. Hier het die rivier 'n reeks watervalle gevorm; 'n pragtige natuurverskynsel wat deur die olifante vermy is omdat dit nie goeie baaipele aan hulle gebied het nie.

Die eerste tien dae het ons aan die Suidekant van die rivier gejag, maar "Kampi-a-Bahti" wou maar net nie sy naam regverdig nie. Aan dierveldkant van die rivier het net twee troppe koeie met kalwers geloop en die bulle by hulle se tande sou nie honderd pond stuk haal nie. Avontuur was daar genoeg want een of twee keer het ons half tussen hulle beland, iets wat baie gevaarlik kan wees - bewaar die jagter wat bokant die wind van so 'n trop kom, dan breek die hel los, met trompet geskal en met opgehewe wit tande en oopgesperde ore storm hulle dan van alle kante van die bos na mekaar toe om beskerming te bied aan die kleintjies en bewaar die sportlustige as hy in so 'n trop beland. As 'n olifant eers sy vyand agtervolg en raakgesien het, los hy hom nie sommer nie en as hy jou raakvat met sy slurp, dan word jou liggaam voor hom op die grond neergeslaan en hy deur-boor jou met een of ander tand en trap jou dan verder tot stof.

Verniet het ek vir tien dae elke aand die .375 en die 10.75 Obendorf gewere ge-olie. Verniet het ons elke aand terug gekom kamp toe, doodmoeg na twintig of meer kilometer deur die bosse.

Die dae het verby gevlieg. Na die twaalfde dag van die safari is ons nou aan die Noordekant van die rivier opsoek na tande wat darem ten minste naby honderd pond elk sou weeg.

Dis ongeveer een uur die middag en ons sit op 'n koppie met verkykers die wêreld om ons te bespied. Die son is bloedig warm en die sonbesies skreeu jou ore van jou kop af. Voor ons lê 'n ruie beboste kloof en so ongeveer twee kilometer anderkant die loop is daar 'n reeks betreklike kaal randtjies met 'n paar kremetart en ander alleenstaande bome halfpad daarteen op. Die bome lyk of hulle bokant die aarde swewe in die hittegolwe van die middagson.

Skieklik wys die verkyker iets wat my laat snak na my asem, onder twee bome staan twee alleenloper olifantbulle so 'n entjie van mekaar af. Hulle is besig om 'n middagslapie buite die hitte van die son te geniet. Die verste een van ons af lyk of hy net met een tand bedeel is. Stadig beweeg die verkyker terug na die ander knewel en ek kry koue rillings. Daar staan die einde van my soektog. Hierdie reus se lang wit tande het met 'n boog uit sy kake na voor gewys, met die punte van die tande wat meer as twee meter lank amper op die grond rus. Gou word 'n twaksakkie vol as uitgehaal en van die as in die lug in gegooi om die windrigting te bepaal. Ons moes sorg dat ons onderkant die twee reuse se wind bly as ons tot skietafstand van hulle wou nader. Skietafstand vir 'n olifant is nie verder as veertig meter nie.

Vir 'n uur lank het ons deur die digte kloof in hulle rigting beweeg en sover moontlik altyd onderkand die wind probeer bly.

Toe ons hulle uiteindelik weer in sig kry het ek amper op my rug geval. Wat 'n gesig! Ongeveer 'n honderd treë voor ons staan 'n olifant met die mooiste paar wit tande wat soos stokke voor hom uitgewys het. So iets het ek nog nooit tevore gesien nie. Nou moet ons baie versigtig optree. Na wat soos 'n eeu gevoel het, was ons so naby aan hom dat ek met sekerheid die 10.75 se korrel op 'n dun lyn halfpad tussen die oog en die oorgat kon mik vir 'n brein skoot. Sweet het agter my rug af geloop. Gou eers 'n bietjie rus voor ek dit wou waag om te skiet want my senuwees was tot breekpunt gespan. Skielik hou die ou reus op met sy vorentoe en agteroe skommelbeweging. Sy ore het opgehou om te klap onderwyl hy staan en slaap het. Nou moet ek gou speel, want dit is 'n sekere bewys dat sy skerp sintuie hom gewaarsku het dat daar iets onheilspellend naby hom beweeg en hy lig sy slurp met 'n S-beweeging na bo om die wind te toets. Daar staan die geweldige bosreus, sy liggaam die kleur van die rooi-bruin klei, vol ouderdomsplooië, 'n eilandjie op homself tussen die yl struikgewasse met twee tamaai balke van ivoor. Innerlik het ek soos 'n sluipmoordenaar gevoel, om hierdie lewende natuurmonument te verlaag na sewe ton dooie, stink en opgeblaaste vleis. Maar die gevoel het net vir 'n oomblik by my gebly en gou het ek tot verhaal gekom en die 10.75 se korrel stip op sy slaap gehou. Toe die geweerd bulder het die ou reus neergeslaan met 'n harde slag op die aarde, asof iemand die lug uit hom gelaat het.

Daar het hy bly lê met sy bene half onder hom ingevou- net sy slurp het nog met 'n laaste stuiptrekking omhoog geskiet. Ek het nie kansse gevat met hierdie kêrel nie en om seker te maak, het ek hom nog 'n skoot deur die hart geskiet. Ons het nie rekening gehou met sy maat nie en toe my laaste skoot klap, kom hy met oop ore, slurp in die lug, al skreeuende by ons verby gehardloop. Wit geskrik het ek en die twee seuns uit sy pad probeer bly. Wat 'n antiklimaks! Hoe afgeblaas en sonder hoogmoed kan 'n mens nie voel nie - die einde van 'n lewende stukkie natuur, al het sy tande onderskeidelik 145 en 108 pond geweeg - van die een tand was 'n stuk afgebreek.

Nou het nog net die harde bloeddige taak gewag om die tande uit die skedel te kap (met baie onsigtigheid om nie die tande te beskadig nie).

Maar eers moes ons terug na die plek waar ons vir Kibiriti agter gelaat het om die jeep en die byle te gaan haal. Weer terug by die olifant het ons eers 'n foto geneem met Kibiriti voor by die tande om die hoogte aan te dui soos hy gelê het.

Kibiriti se oë het groot en wit gerek toe hy die eerste keer die olifant sien. Al wat hy kon uit stotter met droë lippe was "Alekini Bwana Mekuba, Hi Ndofo Ndume Kabiza, Alekini wowe na koa vili vili Nduma Sana" (Ai my groot baas, hierdie is 'n bul van 'n olifant, maar jy is ook 'n bul van 'n baas).

A HUNTING HONEYMOON

It is the year 1935 and my wife and I are on honeymoon. We were both born in Kenya from parents who were part of the 1907 settlers who had immigrated to Kenya from South Africa.

At the time of our honeymoon Kenya was still virtually untouched by destructive man. The land was rich in game variety and number and us boys were familiar with guns and hunting from childhood. The abundance of hunting opportunities resulted in a number of early settlers to submit to the call of the wild to become professional hunters with several meeting their final destiny in encountering some dangerous animal (and I am sure they never wished for a different end).

One such person and good friend of our family was Soon Snyman who was well known as an exceptional hunter. He was also regularly employed by the government to hunt undesirable animals from where human and fauna interests clashed.

My wife and I had decided to spend our honeymoon hunting with Oom Soon rather than spending the usual couple of weeks at the coast. At this time Oom Soon was assigned the task to reduce the rhino and buffalo numbers on a number of farms which were to be newly settled in the vicinity of the Aberdare mountains. This area consisted mainly of open grassland with patches of Cedar and Yellow wood forests in which the buffalo and rhino some times used to lie up during the day rather than returning to the dense forest of the nearby Aberdare.

Our camp was under a huge Cedar tree near a clear cold stream which originated in the Aberdare and in the mornings the sun used to rise in a welcoming aura from behind Mount Kenya. There was no shortage of fire

wood and campfires were kept high throughout the nights.

Early the first morning while Mount Kenya was silhouetted against a purple sky everybody was bustling in anxious preparation for the first hunt. My bride supplied mugs of coffee and packed our carry bags with vetkoek and boerewors for the long day ahead.

We left camp just before sunrise leaving my bride behind. Oom Soon was armed with a .375 loaded alternately with solid and softnose bullets while I carried my .303 loaded with standard military solid bullets. My .303 was a bit small for this kind of hunting but it was the best I could afford at the time.

It was a beautiful morning with the clear calls of pheasants and partridges all around us and the smell of the Cedar wood camp fires hanging in the crisp air long after we left camp. The tall "rooigras" was soaked in dew and soon we were wet up to our knees. Some distance from camp we came across the spoor of two lone buffalo bulls (modderbulle). Such long bulls were known to be the old ones which were driven out of the herds and were notorious for their bad tempers. We immediately followed the spoor and soon it was clear that they were heading for a patch of Cedar forest (losbos) a short distance away.

The wind was in our favour and Oom Soon cautioned me to dead silence as we approached the bush because he was convinced that the buffalo were lying up in the cool shade for the day. Oom Soon then instructed me to remain where I was for about fifteen minutes while he walked around the bush. The instruction was for me then to approach the bush and to shout loudly while firing a shot or two into the bush. The idea was to drive the

buffalo towards Oom Soon who would be waiting on the mountain side which was the most likely escape route. Just before leaving me he explicitly cautioned me not to try and enter the bush and hunt the buffalo single handed.

I was still inexperienced and once Oom Soon was out of sight I decided that it was time to prove to my bride what a brave hunter I was. I quickly followed the spoor to the edge of the bush where I removed my shoes and tracked the buffalo into the bush.

As I started crawling into the thick tangle I remembered Oorn Soon cautioning me that when hunting dangerous animals, I should always ascertain the direction of the wind and move as quietly as possible. I was very nervous and when two pheasants burst up behind me, I had a problem in staying in one place. In front of me a Lorie called, but nothing could distract me from concentrating on the thicket in front of me. After a short distance I sat down for a few moments to accustom my eyes to the twilight of my surroundings. The dense thicket had thinned considerably after about thirty yards and here the Cedar trees formed a canopy, not allowing the "fynbos" to grow in the deep shade. In spite of the cool air, I was sweating profusely. I slowly moved forward, trying to look through the surrounding bush. Thirty-five yards further I noticed a dead tree stump and while running my eyes along the stump it slowly dawned on me that it was the leg of a standing buffalo. I seriously contemplated leaving as quietly as I had come but after a moment my desire to shoot my own buffalo got the upperhand.

At this stage I had no idea where the other buffalo was. The buffalo in front of me stood broadside with his head and neck behind one of the giant cedars and with the soft part behind the shoulder well exposed for a heart shot. From behind the tree he could not see me while I sat down slowly to

aim at where I judged the heart to be. I was shaking badly from tension and had to wait a few moments to calm down before squeezing the shot off. Concurrent with the shot the buffalo emitted a soft grunt and then charged through the bush in the direction it was facing. While I quickly reloaded I saw the other buffalo comming my way as it followed the first one — where he had stood I never knew. I quickly stepped back to avoid him and when he had passed me I chanced a shot into his ribs with the bullet raking forward through his chest and unknowingly to me wounding him in the lungs.

Here I reached the end of my courage and I left the bush in a much shorter time than entering it. I shouted for Oom Soon to come and on arriving he enquired what was wrong. On telling him my story he nearly gave the courageous bridegroom a hiding before warning me never to be so foolish again.

We were still talking when the well known bellow of a dying buffalo came from the bush. Oom Soon's eyes sparkled as he said "Well, one is dead" before hastening to reprimand me not to feel satisfied because he still felt like giving me a hiding. He waited an hour before I accompanied him into the bush to check that both buffalo were dead. The idea was to let the live buffalo stiffen-up where he was now lying in ambush for us (which he for sure would do because of the aggressive and malicious nature of these animals). This procedure was generally followed due to numerous hunters being trampled. The cunning nature of a buffalo lets him hide so well while in ambush that the hunter

often is virtually on top of the buffalo with little or no time to shoot when charged.

Luck was with me that day because on re-entering the bush we found the first buffalo dead a short distance from where he was standing behind the

cedar. We followed the blood spoor of the second buffalo until we found him where he had died while waiting in ambush to revenge himself on his enemy.

Both buffalo carried heavy horns which were unfortunately badly worn at the tips.

For the second time that day I nearly got a hiding, this time from my wife, when I told her the story, but nothing could suppress my exhilaration although I must admit that I have a very good guardian angel.

J.J. Davies

Posbus 85

SCHAGEN

1207

Mnr Danie Steyn
P/a Settlers Agricultural High School
P.K. SETTLERS
0430

Beste Danie

Nou net jou omsendbrief ontvang. Ja, om te verjaar is aangenaam en dan in besonder op so 'n geleentheid. Met die vorige byeenkoms het sommige van die mense wat ver kom, gevoel dat die Saterdag alleen byna te kort is om almal te siene te kry wat jy graag wil sien.

Bestaan daar nie 'n moontlikheid om in Augustus maand se omsendbrief die ouens to laat weet dat al diegene wat kan, alreeds Vrydagaand vir 'n gëeselsie en braai bymekaar kan kom. Baie mense kom alreeds Vrydagaand in Pretoria aan en het dan niks om te doen nie.

Indien die mense hiervan weet kan dit gesellig wees.

Baie dankie

Groete

Koos Engelbrecht

N.S. Ek seek 'n verskoning om 'n party te hou !

Die wat belangstel kontak vir Koos. Ongelukkig het ek verpligtinge die aand en kan ek dit nie reël nie. Hy sal graag wil hoor wie stel belang. Danie.

Anerley

4230

10.6.1987

Dear Mr Steyn

Thanks for your letter and invitation, it would be just grand to meet all the old friends again.

But you will understand why I can't be there, when I tell you that Wallis died a few months ago and I have no car, and so the estate has not yet been settled. I have to be carefull with the bit of cash I have.

Once again thank you, have a happy time together. God Bless!!

Yours sincerely

Mrs Sparrow

Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland

Elliot Gemeente

18 September 1985

Mnr Danie Steyn
Settlers A. H. School
P.O. SETTLERS

Liewe Danie

5 Oktober is net om die draai. Weereens moet ons verskoning maak dat ons nie by die Fonteine sal uitkom nie. Dis net 'n bietjie ver vir 'n Dominee wat nie 'n naweek kan afkry nie. 'n Matroos het glo eenkeer vir 'n predikant gesê, toe hy oor dieselfde ding gekla het: "It's a rotten firm your'e working for !" Ewenwel, ons het heerlik geleees aan Habari en dit was wonderlik om soveel bekende name te sien en van hulle wel en wee te verneem.

~~Ek dink baie Oos-Afrikaners se harte het onlangs warm geklop toe hulle op die T.V. gekyk het na Bwana Mango se bedryghede (Renaldo Retief) op die Tana Rivier. Ons was almal so hartseer onlangs toe sy jonger broer Johan in 'n helikopter ongeluk by die Etoshapan in die noorde van S.W.A. (Namibië) saam met drie ander amptenare van die Departement van Waterwese gesterf het. Ons seuns en Johan was groot vriende op van Riebeeckskool en Hannes en hy was later 4 jaar kamermaats in Dagbreek op Stellenbosch. Sy dood het seker nie tot die aandag van Habari gekom nie.~~

Ja ek het toe maar gaan sit en 'n stukkie geskrywe onder die titel Huisbesoek Safari. Ek stuur dit maar aan vir wat dit werd is. Verskoon maar die ruwe manuskrip vorm. Indien jy dit verlang kan ek later weer probeer. Maar dit lyk tog vir my dat Oom Sony nog heelwat uitgesing kan kry.

My geheue laat my net in die steek as dit by mense se name kom.

Baie groete vir almal by die reünie!

Asante sana. Kwaheri,
Jos and Suzanne Theron

Die briet moes verlede jaar, verskyn maar hy het in die kas "weg gekruip" en nou eers te voorskyn gekom. Danie

Die boere in Oos-Afrika was lief om periodiek jag op visvang safaris te onderneem. Daarvan is daar baie interessante staaltjies. Vir die dominee van die gemeente Vergenoeg was daar egter safari van 'n ander aard wat seker net so interessant was. Dit was dan ook my voorreg om gedurende my verblyf van vier jaar verskeie sulke safaris te onderneem om lidmate te besoek, vergesel van 'n ouderling, of soms, as dit in die skoolvakansie was, vergesel van my vrou en kinders. Ouderlinge wat my vergesel het, was o.a. Ooms Schalk Steyn, Will Bouwer, Herman Keese, Johannes du Preez, Johannes Barnard en Fairy Engelbrecht. Nodeloos om te sê dat lg. dan ook die motor bestuur het. Sy kennis en ondervinding het baie bygedra tot die genot van die safari en kon ek meer tyd bestee om die natuurskoon te bewonder. Op pad huistoe deur Oeganda raak die petrol gedaan teen 'n lang afdraend. So op "government and gravity" haal ons gelukkig 'n vulstasietjie aan die voet van die heuwel. O wee! Die petrol pomp is leeg. "Toemaar" sê Oom Fairy, "ons gooi paraffin in", die karretjie is warm ('n Auto-Union) en behoort daarop te 'hardloop'. So gesê, so gedaan en ons ry ewe voorspoedig tot in Eldoret.

Van Oom Fairy Engelbrecht gepraat. (Ek sal ook, soos Oom Sonny, die herinnerings maar vrye teuels gee. Maar ek hoop nie om op sulke skurwe plekke soos hy te beland nie! Toe maar Oom Sonny - moenie kwaad wees nie - dit was darem nêrens te erg nie). Ja, Oom Fairy het vir my elke jaar in oestyd 'n sak broodmeel present gegee, maar dan moet ek dit self kom oes! Dan klim die dominee maar ewe gedwee op dié stroper en daar gaan ons, so 'n draai om die land - en net gou het ek my sak koring geoes. Hy laat dit vir my maal en die pastorie-gesin kan heerlik vars brood eet vir 'n lang tyd.

Ja, waar was ons? Op huisbesoek. Daar was die korter safari na Kisumu en Suidwaarts langs die meer af na die Mara waar Oom Abel Erasmus sy goudmyn gehad het by Lolgorien. Daar was ook Gideon Erasmus en die Du Preez broers Uys en Soon (?) en die gesin op die kopermyn, die naam het my ontgaan. Hier moes ek inderhaas die doopformulier in Engels probeer vertaal. What a job! Ja ek het darem ook een nag in 'n boom in 'n lorrie se bak deurgebring om na die leeus te kyk. Gelukkig was die platform beter geanker as in die geval waarvan Oom Sonny vertel toe Ds Brits en sy makkers tussen die leeus beland het.

Dan was daar die safaris na Uganda en die Kilembemyn, wat langer was. Die eerste stop was by Jinja se kopersmeltery waar een of twee gesinne besoek is, dan verder na Kampala waar daar 'n hele paar gesinne was, en verder na Entebbe. In Kampala beland ek toe byna in die tronk toe ek 'n foto wou neem van die "Kabaka" se "paleis". Dis blykbaar streng verbode en die askaris sak toe. Gelukkig was my ouderling Swahili goed magtig en kom ons los nadat die film gekonfiskeer is.

Op Entebbe kon ons heerlik ontspan by twee studentemaats, geoloog Dr Adam de Swart en sy vrou Bella. Ons wou so graag nog 'n vaart onderneem op die stoomboot om die Victroia-meer, maar kon dit nie inpas nie. Dit duur sowat 5 dae en doen aan by Kisumu, Musoma, Mwanza, Bukoba, Entebbe en Kampala. Op die Kilembemyn is gewoonlik 'n naweek oorgebly en 2 of 3 dienste gehou met Nagmaat, doop ens. Dan was daar ook nog 'n paar verspreide gesinne in die Noorde van Uganda waar hulle met boorwerk besig was en so het ons ook op plekke soos Soroti, Lira en Gulu gekom. Begryplik het ons die geleentheid gebruik om deur die Murchison Falls Park te ry en 'n nag daar oor te bly by Paraa Lodge. Dit was dan ook digby die grens van die Kongo waar 'n hele paar gesinne, versprei oor 'n groot area gewoon het. In die Noorde raby Hika was daar Oom Niek Grobler met sy vrou Nonnie en hulle twee seuns John en Murray. Laaste wat ek

gehoor het is Murray nou nog daar. Hulle het lieflike kaas gemaak wat bekend was as Fromage Grobler en ons kon altyd 'n hele kaas saam terugbring. In my studeerkamer hang 'n luiperdvel wat ek by hulle present gekry het. Naby Bunia het Oom Thysie Coetzee gebly (Nonnie Grobler se broer) en 'n paar ander soos Marie Abel en haar broers. Sy was 'n interessante mens en van haar het ek twee mooi stukkies ebbenhoutwerk as aandenking. Sy was lief om so hier en daar 'n Franse woord te gebruik. Haar huisie se plafon was van doek en het so bak gehang. Ek dink daar was 'n dik laag stof en vlêrmuismis op. Toe ons weer 'n keer daar kom het die plafon makeer. Sy vertel toe van die groot skade wat haar oorgekom het toe sy vooraanstande Belgiese gaste uit Bunia op 'n ete trakteeer het. Toe hulle aan die deftig gedekte tafel sit en net begin eet het, val die "plafon" op hulle koppe. Ek kan my voorstel watter konsternasie! Onder stof en vlêrmuismis het daar nie verder iets van die ete gekom nie en die gaste is asvaal en onwelriekend daar weg om hulle tuis te gaan reinig. 'n Dag of twee voor ons 'n keer Bunia besoek het, het 'n Dakota vliegtuig in die mis teen die berg bokant die dorp vasgevlieg. Die vliegtuig het aan die brand geslaan en al die passasiers het omgekom. Ons sit toe juis by so 'n opelug kafee en tee drink, saam met Oom Thys Cotzee toe die begrafnistoet verbykom vir die massabegrafnis. Die hele dorp was in rou gedompel want baie inwoners het familieledede in die ramp verloor.

Verder na die Suide by Bulembo het die Van Daeles gebly. Bertie van Daele se vrou Frieda was 'n suster van Oom Johannes Barnard. Hulle het 'n motorhawe en winkel gehad en daar kon ons allerlei dinge kospryskoop. Hulle kinders was by 'n Amerikaanse Sendingstasie op skool waar ons hulle besoek het. Op Lubero, nog verder Suid het die Kleynhanse en Engelbrechts geboer. Hulle het pragtige en florerende ondernemings gehad en Ewert en Jan Kleynhans en hulle moeder Tant Sannie was baie vindingryk. Hulle het 'n groot hidro-elektriese kragopwekker gepraakseer wat 'n paar plase van krag voorsien het. Ek sien nog die pragtige frieskeie wat in die geil Kikuju wai en met hulle eie krag gemelk word.

Al hierdie mense het die besoeke besonder waardeer en aan hulle gasvryheid was geen perke nie. Evert Kleynhans was met 'n dogter van 'n Amerikaanse Sending geneesheer getroud en daar moes 'n kindjie gedoop word. Weereens moes die dominee hastig improviseer en ook nog in Engels preek ook. Wat 'n inspanning en stremming, maar tog kom mens heelhuids en verryk anderkant uit.

In Pretoria kon ek later weer kontak maak met die Groblers. As ek reg onthou het Evert Klynhans ook daar opgedaag met 'n groot vragmotor vol papegaai (African Greys) wat hy verkoop het. Die van Daeles het ons in Amanzimtoti besoek na hulle uit die Kongo weg is. Ja, dit was goeie tye en interessante ondervindinge en dierbare mense! Soli Deo Gloria *Dr. Jos Theron.*

Hy het nou afgetree. Hoe lyk dit, kom die ander Dr. me ook sulke mooi herinneringe aanstuur nie. Dr. Jos het ook nou baie tyd om te skryf en kom hy elke jaar 'n aflewering aanstuur. Jamie.

Sy Ed. J.J. Malan

Posbus 171

BREDASDORP

7280

24 Junie 1987

Mnr Danie Steyn
Settlers Agricultural High School
P.O. SETTLERS
0430

Beste Vriend

Graag erken ek u briefie aan mnr Braampie Malan - dis nou my vrou daardie -, van Rheeboksvlei, Bredasdorp. Ons twee het die inhoud met genoë waardeer, omdat ons in die afgelope vyftien jaar, tydens ons verblyf in Pretoria, feitlik elke 1st Saterdag in Oktober in Pretoria-Fonteine teenwoordig was.

Die afgelope twee jaar is ons terug in Bredasdorp nadat ons uit die openbare lewe getree het. Vyftien honderd kilometer skeiding is die rede vir ons afwesigheid op 3 Oktober 1987 by die Saamtrek.

Die Malans van Oos-Afrika was natuurlik van Arusha, Tanganyika; maar was darem bloedverwant aan die Von Landsbergs van die Valle en goed bevriend met die van Dyks, van Rensburgs, Retiefs, Steyns, Bouwers ens.

Ons verbintenis met Meester Pieterse gaan terug na 1928, toe ek in Standaard 3 by hom in die skool was. Ek roem ook op die onderskeiding dat ek by hom gematrikuleer het. Hy het in my deur al die klasse vanaf Standaard 3 tot Matriek - deur al die vakke gehelp. Die laaste jaar was ek by hom aan huis tuis en het hy my, nadat hy die dag se skoolhou agter die rug het, onderhande geneem. Aan die einde van 1937 het ek in al my vakke geslaag en universiteitstoelating verkry. Ek is maar een van baie!

Omdat Meester Pieterse so 'n besondere aandeel in die saamtrekke van Oos-Afrikaners in Pretoria-Fonteine oor die afgelope 21 jaar gehad het dink ek is dit wetenswaardig dat sy verbintenis met die Oos-Afrikaners oor die afgelope byna 60 jaar strek en iets unieks is. Sy onbaatsigtigheid, sy liefde vir sy medemens, sy ywer, sy sukses as opvoeder en die prestasie van sy leerlinge uit Oos-Afrika, Kaapstad en Kempton Park getuig vir hom nou dat hy oud geword het. Namens sy baie leerlinge bring ek graag aan hom hulde en eer hom in dankbaarheid, ook vir wat hy gedoen het om die Oos-Afrikaners van Kenya en Tanganyika een maal per jaar by mekaar te bring.

"Die jare kom en gaan". Ek was van die jonges wat teruggekeer het na Suid-Afrika van uit Oos-Afrika. Nou tel ek onder die oues.

Ons wens julle 'n aangename en vrugbare saamtrek op 3 Oktober toe. Weet dat ons graag daar sou wou wees.

Groete aan almal

(Get.) Oubaas Malan

Mit Tant Ruc se plakboek kom hierdie stukke
nuus:

EXIT WHITE MAN ... (East African Standard 1977)
BRITAIN PAYS OUT THE LAST OF KENYA'S SETTLER FARMERS

NAIROBI - With a final commitment to another R9-million payment, Britain has just settled its debt of honour over white settlement in Kenya.

The payment will bring to R60-million, mostly in grants, the total sum spent by Britain on buying out white farmers who have settled in Kenya at its urging since 1905.

With the British cash, all farmers who wished to sell have been bought out at fair prices. They have been paid in sterling in Britain and their farms have been transferred to the Kenya Government for sale to Kenyan individuals and co-operatives through deals financed by Kenya agricultural and development banks.

Settlers of South African origin holding British passports were not excluded from the buy-out, although they were the last to be made offers. All who were approached accepted, and the only three farmers of South African origin continuing to farm in Kenya (two at Eldoret and one at Kitale) have become Kenya citizens.

A few other South Africans have retired from large-scale farming and have settled on smallholdings at the Kenya coast.

The main South African settlement areas, the Uasin Gishu plateau and Thomson's Falls have been renamed respectively Wareng and Nyahururu and their new African settlers are having mixed results in their attempts to maintain production at former levels.

While, on the one hand, overall grain yields per hectare have been increased by the results of scientific research, such as the production of rustproof wheat and hybrid maize, on the other, vast areas of former large-scale farmland have in defiance of government policy been broken down by African co-operatives into subsistence holdings for their members.

The two main white migrations into Kenya were in 1905, when most of the founders of a South African community which grew to more than 2000 took ship to Mombasa and trekked inland from the coast, and between the two world wars, from 1920 to 1938.

Ernest Kruger, one of the three South African farmers remaining in Kenya, was born in an ox wagon en route up country. The South African wagons rolled through the lush forested country between Nakuru and the equator and stopped in the relatively infertile Uasin Gishu because it reminded them of the Transvaal.

British soldier-settlers who came later took up the best land - that through which the South Africans had passed and the lush slopes of Mount Elgon on the other side of the plateau.

They trekked inland the easy way, on trains running on the Mombasa to Uganda railway line having been urged to emigrate to "white man's country," the "winter home for aristocrats" and "the greatest natural game reserve in the world" by British Government poster campaigns.

There were 2600 British farmers in Kenya at Independence, in 1963. The farmed about two-million hectares of Kenya's best arable land.

Today only a handful of white farmers are left, and these have become Kenya citizens, and as such were ineligible for Britain's buy-out offer.

Die Oostelig - 18 September 1970.

U.P.E.-DIREKTEUR AANGESTEL IN NUWE POS.

Dr P.G. Nel, direkteur van openbare betrekkinge aan die Univesiteit van Port Elizabeth, is met ingang 1 Januarie aanstaande jaar, as senior lektor, graad A, in Afrikaanse en Nederlandse kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria aangestel.

Dr. Nel het verlede jaar, nadat hy reeds by die U.P.E. aangestel is, sy doktorsgraad in Afrikaanse en Nederlandse kultuurgeskiedenis behaal. Voordat hy na die U.P.E. gekom het, het hy twee semesters in Pretoria in die posisie waargeneem.

In die twee jaar dat dr. Nel aan die Universiteit van Port Elizabeth verbonde is, het hy 'n groot rol in veral die Afrikaanse kultuurlewe gespeel. Hy was o.m. sekretaris van die Afrikaanse Skakelkomitee in Port Elizabeth en onder sy leiding het die eerste handleiding van Afrikaanse kultuurliggame die lig gesien.

Hy was ook lid van die Rapportryerskorps van Port Elizabeth, lid van die Komitee vir die Handhawing van Afrikaans, ondervoorsitter van die plaaslike Afrikaanse Kunswedstrydvereniging, voorsitter van die immigrantkomitee van die skakelkomitee, voorsitter van die Departement van Kultuursake se komitee vir volksontwikkeling, lid van die skoolkomitee van die Hoerskool Framesby en voorsitter van dieselfde skool se ouer/onderwysersvereniging en lid van die Skakelkomitee se volksfeestekomitee.

Dr. Nel is 'n oud-student van die Universiteit van Pretoria waar hy die grade B.A., M.A. en D.Phil. bemaal het. Verder is hy in besit van die Transvaalse Hoer Onderwys diploma en 'n diploma in drama en spraakopleiding. Die afgelope twee jaar was hy deeltydse dosent in spraakopleiding aan die U.P.E.

Op kultuurgebied het dr. Nel ook kursusse beplan en georganiseer oor die vertolkingskuns, openbare redevoering en die joernalistiek en hy het op talle plekke in Oos-Kaapland as beoordelaar van kunswedstryde en redenaarskompetisies opgetree.

Hy het drie boeke van taalkundige, kulturele en historiese aard geskryf.

Dr. Nel het vanoggend aan Die Oostelig gese dat die tydperk van sy verblyf in Oos-Kaapland van die gelukkigste in sy lewe was. Die algemene ubliek het sy taak, om die Universiteit van Port Elizabeth in die algemeen bekend te stel, vir hom maklik en aangenaangemaak. Hy en sy eggenote sal albei dit moeilik vind om te verhuis.

Red: Prof Nel. is lant Rina se skousman.

Die Transvaler 25 Julie 1963

29

HOOFSTAD HEET AFRIKANERS UIT NOORDE WELKOM.

Hy s graag wou sien dat n saamtrek van Oos-Afrikaners wat na hul vaderland teruggekeer het en hulle in Pretoria gevestig het, in die Hoofstad gereel word om hulle terug te verwelkom. het die stad se burgermeester, prof. dr. P.J. van der Walt, gister gese.

Hy het 'n Oud-stryder en Afrikanerpionier van Oos-Afrika, mnr J.F. van Wyk, aan huis van sy skoonseun, mnr. P.G. Nel, in Villieria, gelukgewens met sy 78st verjaardag en hom en sy vrou in die Republiek terugverwelkom.

Prof van der Walt het gese dat sy verwelkoming van mnr en mev. van Wyk simbolies van die welkomgroet wat al die Afrikaners wat uit die vreemde terugkeer Suid-Afrika toe, toekom, maar dat dit nie moontlik is om almal persoonlik te verwelkom nie.

Daarom behoort 'n saamtrek vir hulle gereel te word.

Prof van der Walt het mnr. van Wyk geloof vir die opheffings en opvoedingswerk wat hy onder die Afrikaners in Tanganjika en Kenia gedoen het.

Mnr van Wyk het sonder vergoeding skole daar gestig en vir Afrikanerkinders skoolgehou onderwyl hy sy bestaan uit boerdery moes maak. Seder 1951 was mnr van Wyk in Kenia werkzaam er woonagtig.

Red: Wie het nog koerant uitknipsels?
 OO

Beste Danie,

So iets oor hoe die afstammelinge van die Kenia boere presteer. Domm Jan en tant Christina Kruger van Malewa Bend Olkalou, Kippipiri van Kenia se jongste seun Pieter Buys Kruger, gebore in Kenia. Het studeer aar die Universiteit Stellenbosch. Op 11 Des 1979 behaal hy die graad B Sc Hon in Natuur Wetenskappe in Geneeskunde. Nov 1981 behaal hy sy M graad met die thesis "Multiple Drug Biotransformation, Acute Interactions in the Induced Isolated Papenchymol Rat Hepatocyte." In die eksemplaar wat hy aar sy ouers gestuur het het hy die volgende mooi en waar woorde geskryf; "To Mom an Dad, The higher the climb the better the view. Thanks for helping me up."

In 1986 is die Fransie van Zyl medalje aan hom toegeken as die beste individuele referaat in mediese navorsing met die thesis "Rapid Toxicological Screening of Drugs in Serum by High Performance Liquid Chromatography (H P L C)."

Op die oomblik is hy as afgevaardigde aangewys om in Augustus 1987 Suid Afrika te verteenwoordig op die "World Pharmaceutical Society" wat in Perth Australia gehou sal word. Ons wens hom saam met sy gesin en ower alles van die beste toe.

Groete Hermanus.

ONS VOORSITTER SE SKRYWE AAN MEV. CONRADIE NA
DIE HEENGAAN VAN HAAR MAN,
DS. JAC CONRADIE

30.

Seer geagte mev. Conradie

Die Oos-Afrikaanse Vriendekring en sy landswye verspreide lede het met groot smart verneem van die heengaan van u geliefde eggenoot, ons gewese leraar en beminde godsdiensstige leidsman, ds. Jac Conradie.

Wees verseker ons deel almal in u groot droefheid en verlies.

Dit is vanjaar presies sestig jaar gelede dat Tanzanië se destydse ou pioniergemeente, Meru, ds. Conradie as jeugdige baanbreker-leraar ontvang het. Sy spore in Oos-Afrika, vanaf die hoë Kilimanjaro tot oorkant die vërre Vêrgenoeg, het nooit doodgeloop nie. Al sy ou baanbrekervriende van daardie laat twintigerjare het hom lankal vooruit gegaan, maar getroos en vertroos deur al die blye boodskappe wat hy oral in Oos-Afrika namens die Groot Meester verkondig het.

Noudat Doom, soos sy intiemste vriende hom geken het, ook by die stoere ou voortrekkers versamel is in die Nuwe Vaderland, treur hulle kinders, kleinkinders en agterkleinkinders saam met u en al u dierbares. Ons dink veral aan u oudste seun, Ernst, wat by Meru-Kilimanjaro die eerste lewenslig aanskou het. Soos u, is hy dus ook een van ons. Hoe bly was ons nie saam met u en Doom met sy geboorte nie!

Ons verheug ons, ondanks ons oë in tranes swem, by die gedagte dat Doom destyds vir u, sy pragtige bruid, uit Suid-Afrika gaan haal het om saam met hom in Oos-Afrika in die diens van ons liewe Heer te kom staan in daardie, vir u, so vërre, vreemde land. Laat die mooi herinneringe vir u sowel as vir ons in hierdie donker nag van beproewing skitter soos Gods sterre. Mag die Noordster vir u en al u dierbares, soos ook vir ons, simbolies rigtinggewend wees, in aansluiting by die Suiderkruis waaronder soveel Oud-Oos-Afrikaners (van hulle geboorteregte ontroof daar in die vreemde) opnuut weer 'n toevlugsoord gevind het hier in die

Suide net soos hulle Mugenoot-voorvaders. Die Suiderkruis bly ons teken van verlossing.

Wat ons onder meer so hoog waardeer, is dat u en Doom indertyd ons toe reeds gryse - of moet ek liever sê ons groot eensame? - pionierspredikant, ds. Loubser, met oop arms aanvaar en met veel liefde oorlaai het. Later, weer in Suid-Afrika terug, veral in Kaapstad, het u huis en hart altyd oopgestaan vir wyle 'Doom Tinie'. Oud-Oos-Afrikaners sal u intieme eerbiedigheid en groot liefde vir hierdie groot eensame gees en ligdraer vir geen oomblik vergeet nie. Ons sal onthou! Ons sal dit aan ons kinders en hulle kinders en kleinkinders oor en oor vertel. Ons sal dit tot u eer boekstaaf.

Ek skrywe hierdie brokkie vertroosting aan u namens ons dankbare genootskap en al sy lede vandag so landswyd verspreid. As voorsitter en intieme kenner van ons verstrooide mense bring ek hulde aan die smetlose nagedagtenis van u man.

Vir die van ons wat u in Oos-Afrika en in Kaapstad as huisvriende geken het, was ds. Conradie 'n ware heer en waardige mens wat soveel tyd gehad het vir sy kerk, land, volk, die behoeftiges en vir sy gesin. By herhaling verseker ek u van ons diepste meegevoel en hartseer. Ook van ons dankbaarheid.

Ek mag u in u geëerde ouderdom nie vermoel met 'n breedvoerige relaas nie. Ten slotte bid ons dat die Heilige Gees u onderskraag, vertroos en self die tranes van u oë afveeg. Weet dat ons saam met u en al u dierbares treur en rou. Ons vra die Here om krag en sterkte vir u in u nuwe eensaamheid. Ons sien tog almal vooruit na die heerlikheid van 'n beter samesyn wanneer en waartoe God ons ook sal roep as dit hier ondermaans vir ons te donker word. Groete.

Hoogagtend die uwe

w.g. H.J.C. Pieterse

(Voorsitter - O.A.V.K.)

VAN RIEBEECK

Beste Danie,

Dankie vir die uitnodiging om weer iets vir jou nuusbrief te skryf. Dit lyk my dié brief word al hoe lywiger om nie eers te praat van al die muses wat jy wakker gemaak het nie.

Ek sou graag iets oor Van Riebeeck wou sê, nie die ou met die lang kakebeen nie, maar die skooltjie naby die waterval. Wat nie so maklik is nie, is om met 'n klomp los gedagtes daaraan reg te laat geskied. Jy sien, Van Riebeeck was nie net 'n plek nie maar ook 'n hele gemeenskap se siel en toe die siel uiteindelik dood is was die gemeenskap ook nie meer nie.

'n Mens kan seker vertel van al die neukery, want daarvan was daar genoeg, van die grasslang wat ons in Mev Joubert se lessenaarlaai gebêre het tot die prefek, ek dink dit was Eddie Randal se ousus, wat vir aandgodsdienste weggetrek het en die hele Psalm 119 deurgelees het. Onnodig om te sê dat sy nie gou weer genooi is tot dié eerbare taak nie. Daar was die aand toe ons wou sien of iemand vinniger uit as in 'n pajamabroek kan kom. Daar word toe brandnetels aan die binnekant van een of ander geraasbek (kan nie meer onthou wie nie) se pajamabroek vasgewerk en toe word alarm gemaak dat ou Tielman aan die kom is en dat hy moeilik lyk. Ek kan nie meer onthou wat alles gesê is nie, en wat toegeswel het durf ek nie noem nie, maar ek weet dat ons toe seker was dat uit veel vinniger as in is. So van brandnetels gepraat, die wêreld daar was oorgroei van die goed. Waar die skool was, was eers bos gewees en alhoewel hulle die bome uitgeroei het, het die brandnetels gebly. Het jy ook die T.V. dokumentêr gesien waar Renaldo Retief so teen die wal van die ou atletiekbaan staan? Jy weet, ek wonder of die brandnetels nog geil teen die onderste wal van die baan staan, en of hulle nog slangetjie daar speel met al die onwetende nuwelinge agteraan om uiteindelik die wal af geslinger te word. Van brandnetels kan ek 'n dag vol praat want by ou Pruimpie Prinsloo en die bosvark en die bosbrandnetels het ek nog nie eers gekom nie, maar vir mense wat op teer en grasperke grootword sal gou saai klink.

'n Mens kan seker ook vertel van ons vryetydsbesteding. Wat 'n mooi woord, dit laat my onmiddellik dink aan al die ouens wat in dié tyd gevry het. Wie onthou tog nie vir Okkie Muller en sy Nellie (of was dit nou Nettie), en Steyn Emslie met een van die talle Van Dyks. Ons was nog veels te klein en het daarom maar by die onderste varkhok gaan rock en daarby ook geleer hoe om rou uie te eet om ou Brink van die rookreuk weg te hou. As ek nou moet eerlik wees dan wonder ek ook self wat se soort meisiekind naby dié spulletjie met hulle rook- vark- en uiereuke sou wou kom. Maar nou is 'n mens mos ook 'n snaakse ding en vir die een of ander rede

verlang ek nogal na daardie ou varkhok. Ek wonder net hoeveel van die ouens wat gevry het nog verlang na die meisies van toeka.

Renaldo is nie meer die babagesig outjie wat eens die jongste in ons rugbyspan was nie, hy was toe maar in Standerd 6. Dit was ook nie sommer net so 'n rugbyspan nie, want vir die wat dit nie weet nie, dit was die span wat beide die Prince of Wales en Duke of York se tweedespanne kaf gedraf het. Per ongeluk het iemand reëlings verkeerd getref en het ons selfs St. Marys se eerstespan, Oos-Afrika se kampioen skolespan, aangedurg. Ja, Renaldo het nie meer 'n babagesig nie, en ek seker ook nie. 'n Mens besef dat die Retiefs, Prinsloos, Mullers, Van Dyks, Krugers, Van der Westhuizens, Davisse, Van Rensburgs en vele meer seker ook almal in hulle vroeë middeljare moet wees met kinders wat nou op skool trek waar hulle toe was. Ek wonder wat hulle van Van Riebeeck onthou, elkeen het seker iets weggeneem wat vir haar of hom besonders was. Wat nie een sekerlik sal vergeet nie is hoeveel ons gesing en konsert gehou het. Toe ek daar aankom het die Fereiras afgerig. Later was dit weer Tielman en sy gade. Vroeër was daar natuurlik die legendariese Jaques Loots. Vandag is hy die T.V. vol, toe ek op Van Riebeeck kom was hy al 'n jaar of so weg maar almal het nog veel te sê gehad oor sy kouse. Wat gesê is sal ek maar daar laat want as mense so belangrik word dan dagvaar hulle al te maklik.

Van Riebeeck is eintlik 'n warboel van herrineringe wat 'n mens moeilik met 'n paar woorde vaslê. Dit is al vir my of daar so baie mense se geloof en hoop vasgevang was dat die plek nie anders kon as om dié wat daar skoolgegaan het met meer as net die gewone weg te stuur nie. Hiermee wil ek natuurlik nie sê dat Van Riebeeck iets meer as die ander skole was nie. Moet my ook nie verkeerd verstaan en dink alles was net altyd voor die wind nie. Om dit sagkens te stel, ek dink nie waar dit by leerplanne kom was Van Riebeeck altyd voor nie. Die van ons wat so halfpad deur die hoërskool daar uit is en toe hier in die Republiek moes kom aanpas was maar net te vër agter toe dit by werk kom. Na al die jare het ek ook nog nooit vrede gemaak met 'n onderwyser wat 'n hele rugbyspan met die rottang bygekom het omdat hulle teen 'n ander skool verloor het nie. Dan was daar die liewe kos - gepekelde vleis, ertappels en gebakte kool. Op 'n goeie dag hou ons toe 'n eetstaking. Daarna het die spyskaart effe verbeter.

Daar was ook die geweldige patriotisme teenoor 'n land wat die meeste van ons nie eers geken het nie. Jy moet darem weet ons het daar nie net Die Stem leer sing nie, maar ook Die Lied van Jong Suid Afrika, die Vrystaatse Volkslied om niks eers van Kent gij dat volk vol heldenmoed iets te sê nie. Voorwaar selfs jou A.W.B. bure sou trots op ons gewees

het. Eienaardig net hoe selfs 'n volkslied naderhand soos 'n strydkreet begin klink.

Dan was daar die kerk. Ongelukkig dat ons toe, net soos nou, so vreeslik ernstig daaroor gevoel het. Ek sien dat die T.V.-komentator, in die stuk waar Renaldo akteur gespeel het, net bewoë wou raak oor al die Kikuyulande om die Laubscher kerk. Alhoewel die lande, en donkies, nou so effens nader aan die kerk geskuif het kan ek nog goed onthou hoe ek en Johan Welmans op 'n middag moes weghol vir 'n bejaarde Kikuyu dame - die ander terminologie is te gevaarlik want hier by ons het ons nie die A.W.B. nie maar hulle opponente en 'n mens moet maar versigtig wees. Ons was besig om haar ertjies tussen die pastorie en die kerk te steel en sy het 'n panga by haar gehad. Man maar by dié kerk was daar ook altyd 'n lollery. Op 'n dag het die diens net mooi aan die gang gekom toe rooimiere, die regte soort met pote en bekke en al, onder ons koshuisseuns begin byt het. Hoe hulle in ons broeke gekom het weet g'n mens nie - seker toe ons voor die diens buite op die gras gesit het. Dan was daar 'n ou, ek dink dit was Groot Molie, wat soms agter die orrel ingeklim het om te lê en slaap en dan so nou en dan vir die grap die pype toegedruk het. Jy moet weet wat se chaos dit veroorsaak het want op hulle beste is orrelistes maar senuagtige wesens. Op 'n goeie Sondag het juis een so 'n tannie-orreliste, terwyl die predikant sy ding doen, gesit en vroetel om te soek na die volgende gesang se musiekstuk. Sy het nooit die orrel afgeskakel nie (dit was darem al elektronies) en daar voeter toe 'n paar lywige musiekbouke af op die klawers. Die skielike kakofonie het byna tot 'n paar hartaanvalle en ontydige geboortes aanleiding gegee.

Man maar jy weet die moeilikste ding vir 'n vreemdeling, en ons van die Eldoret-beskawing was natuurlik heeltemal vreemd in daardie woesterny, was om die klomp Valle mense se familieverbintenisse te verstaan. Kyk, dit was nie so maklik nie want die Retiefs, Krugers, Von Lansbergs, Van der Westhuizens, Van Rensburgs, Mullers, en nog 'n hele boel wat ek nie kan onthou nie, was almal op die een of ander manier familie van die Van Dyks. Die Van Dyks was veelvuldig en ook familie van al die ander Van Dyks. Soos ek dit gehad het, het hulle oorspronklik omtrent almal in een vallei saamgetrek en toe so met die jare die Hartseerbulte vol getrek. (Wie het nou weer gesê het dat die Hartseerbulte so koud soos 'n geldskierter se hart is?) Hoe 'n ou nou daar kon seker wees dat hy nie met sy eie tante trou nie sou net hulle geweet het. Gelukkig dat 'n paar van die jong juffrouens wat uit die Suide daar kom skoolhou het ook nuwe bloed ingebring het.

Ek dink nou het ek genoeg nonsens van Van Riebeeck gepraat, maar voordat ek stilbly wil ek tog iets vra. Wil jy nie vir die mense vra om vir ons stories te stuur oor die legendariese ou figure van Kenya nie. Kyk, as almal wat nog

iets van Oom Schalk Cloete se neukery onthou dit vir ons stuur dan begin ons, ons eie Koöperasiestories. Dan dink ek ook nog aan iemand soos Oom Gordon Fahr en daardie ander legendariese sterk ou wat doer anderkant Sergoït gewoon het. Jammer maar ek kan wragtie nie sy naam onthou nie, wat ek wel onthou is dat hy lank en slap en vreeslik sterk was. Ek het ook erens die gedagte dat hy 'n Dopper was.

Van huis tot huis, groetnis.

Dan.

VERLORE... LOST... HELP VIND ASB.

Die volgende briewe het terug gekom - adress onbekend, kan iemand hel asseblief, net 'n poskaart aan die redakteur sal waaedeur word.

Arnoldi,	Mnr A F	Rissik str 79, Die Bult, Potchefstroom	2520
Barnard,	Mnr S H	Privaatsak X6518 Woodsome, George,	6530
De Beer,	Mev Willie	Ramona laan 116, Erasmus Rand, Pta	0181
De Waal,	Mnr en Mev Ed	Posbus 153, Sundra	2200
De Waal,	Mnr Hugo	Posbus 1724 Rustenburg	0300
Engelbrecht,	Lndjie en Lettie,	Posbus 65, Leslie	2265
Fairfield,	Mev Tienie,	Michael weg 4, Valhalla Pta	0137
Keogh,	Mnr John	p/a Staatsprokureurs Windhoek, SWA	9100
Kleynhans,	Mnr en Mev J H	Pk Kernkrag	7441
Korb,	Posbus 807	Standerton	2430
Lemmer,	Mnr H	Posbus 99 Cleveland	2022
Muller,	Mnr en Mev W	Posbus 166 Marble Hall	0450
Nel,	Mnr P W	Posbus 14, Silverton Pretoria	0127
Pienaar,	Mnr Johannes	Ditton laan 58 Auckland Park, Jhb.	2092
Randall,	Mnr L J	Jannie de waal str v d Bijlpark	1900
Smit,	Mnr Izak	Posbus 10539 Strubenvale	1570
Stols,	Mnr John	Cynthia Court 19, Halfweghuis	1685
Steenkamp,	Mnr E L	Posbus 16 Rosslyn	0200
Taljaard,	Mnr en Mev Japie,	Vaalview 201, v d BijlPark	2125
Ulyate,	Mr A	No 7 Indulha, 134 Joubert str, Sunnyside	0002
v d Heever,	Posbus 1090	Middelburg	1050
van Heerden,	Mnr T	Posbus 16 Rosslyn	0200
van Schoor,	Mev A F,	19 Nerina str, Protea Height, Brackenfel,	7560
van Wyk,	Mev Bes	Shubart Park B1607, Pretoria	0002
van Wyk,	Mnr H A	Posbus 8419 Minnebron	1549

Het u nog iemand se adress of soek u iemand wat u ken, ek sou graag he om ou vriende weer bymekaar te bring.

As iemand 'n adreslys wil hê, kan dit van my verkry word teen 'n prys. ~~25~~.

REFLECTIONS ON NGARE NANYUKI

IN the morning sun they would come riding cheerfully along on their donkeys, the boys, mostly barefeet, wear shorts and an open shirt. The girls are neatly dressed, and they all have a happy smile on their faces. This is how I remember the children from Ngare Nanyuki on their way to school.

The grassy plains of the country extend to the horizon, gleaming in the early morning sunshine. Far away mountains rise blueish above the horizon. White scanty clouds sail peacefully across a clear sky. High above the surrounding plains, pointing to high heaven, towers Mount Meru, rising like a gigantic pyramid into the sky.

This is Ngare Nanyuki - final destination of the Afrikaners' last Trek. They were pioneer Boer farmers, who left the old Transvaal to seek a new home, where they would not be subjected to British rule. This happened early this century, after a long and bitter war, during which they saw their homesteads, herds and crops destroyed; and their women and children suffering disease and death in the British concentration camps. These disillusioned men and women had decided as early as 1902 to seek new homes, even in a far off and foreign land. In 1903 T C Joubert, Gen David Joubert and others travelled to the then German East Africa (later Tanganyika Territory) to explore possibilities of a settlement. The German Governor agreed to grant the Joubert Commission one of three separate tracks of land of 50000 hectares each, on condition that they occupied the land within 2 years. When the first treks reached East Africa in 1904 the German offer had lapsed. The choice in tropical Africa was limited. The early pioneers preferred a climate and land that resembled their beloved Transvaal as near as possible.

The Ngare Nanyuki settlement was established by pioneer families, among others the Jouberts, Malans, Trichardts, Pienaars, von Landsberg and Jacobs. Many of them were poor and had to face tremendous obstacles when they reached Ngare Nanyuki. To start with, they had to sell whatever possessions that were left to them after the disastrous war, at very low prices. In addition they had to pay for their land- and sea transport to Tanga. For the Trek inland they had to buy and train oxen, which were to pull the waggons. There were no roads or bridges, and it took them a long time to reach their destinations at the foot of 14990 ft Mt Meru. Their oxen died of Tsetse and many Trekkers died of Malaria.

The Boer farmers also arrived with conflicting reasonings and perceptions. They wanted to get away from British rule as far as possible. It was ironical that they eventually found themselves once more under British rule when Germany was stripped of its overseas possessions after World War One.

The Boer farmers did not find the favourable conditions they had anticipated. Large land tracts did not materialize, one reason being that the pioneers wanted to live in close settlements of their own choice, and fresh water supplies were very limited. Without sufficient irrigation no large tracks of land could be cultivated, and the Ngare Nanyuki river did not carry fresh water.

During the few years preceding the First World War no new farms were distributed, and the new generation had very few prospects as farmers, as arable land was not available to an extent allowing future generations to

expand, which had been the vision of the early trekkers. Freehold land had only been granted by the German Government and after 1919 such land could only be bought from existing freeholders, such farms mainly included the expropriated German property. The new generation did not possess the necessary capital to buy such farms. The British Administration did not alienate land with only a few exceptions. The reasons for this policy was obscure. Of course this did not affect the older generation, but their sons and grandsons had to consider buying 99 year leasehold farms.

I have tried to memorise the occupants of Ngare Nanyuki farms, and have drawn a rough plan of their distribution. It is but a poor drawing from memory, as I could not locate plans of the Ngare Nanyuki farming areas. I am open to correction, and if such should be forthcoming I would be only too pleased to include it in our next years Habari.

Meanwhile here at Ngare Nanyuki the early settlers had built their first Church in Tanganyika. It was a fairly solid building, set among lovely trees near a fountain. Their own hartebeeshuises, as they were called, provided solitude, peace and shelter for their families. They bought cattle, sheep, goats and fowls from the Wameru, their nearest neighbours. Slowly their animal herds increased when grazing was sufficient, except for times of drought. They ploughed the land and laid out gardens.

Where the first church was built on Pieter von Breda de Wets farm, the members of the Dutch Reformed (Nederduits) Church came by oxwagon from Ngare Olmotoni, Oldonyo Sambu, Ngare Nairobi, and of course from Ngare Nanyuki to attend Nagmaal (Holy Communion) and elders and deacons were selected from all centres. The parsons came from Trnsvaal for short periods. Nagmaal was also a social gathering, and the "Holy place" was used as an outdoor for oven and donkeys (and horses in the early days). The young folk were often in love. They would not miss a Nagmaal for all the world. The elder people would not miss one another's company. Children of all ages up to seven years were proudly baptised and those over 16 were accepted as members of "Mother Church" by the visiting parson, a real reverend and holy man. Many got married. You can imagine the atmosphere in the big tents and "Kapwaens" on the terrain. Of course, the children regarded the "samekoms" as a picnic and the adults enjoyed their own wine in addition to the Nagmaalwyn. This first church building was well built and white-washed, but too far away from other centres. Sooner or later each centre built his own local church, and the temporary parson had to visit his lost sheep farther away.

The Malans, van Schoors etc near Gousblom started their own school (teacher Miss Margaretha Malan). When "Doom Pienaar" arrived in 1907 he clamoured for a more central school. The second school was built and accommodated the Ngare Nanyuki children. Pienaar left for South Africa in 1911 and approached Rev. Nel, who succeeded in sending Mr Schalk van Niekerk (BA), a fine teacher, to Ngare Nanyuki who took over from now Mrs Laubscher (Margaretha Malan) who had promised to teach all the children until a new teacher arrived. Louise McDonald (later Mrs v d Walt) was assistant to the new teacher. This second school was never used as a place of worship.

The first church building was later replaced by a more centralised second building of solid sandstone (hewn blocks). It had one door and no windows. One sidewall was open for air and light. Sandstone pillars supported the roof on this side. The church had a cement floor and a platform. The roof was of corrugated iron. This second church was also the third school building of Ngare Nanyuki facing Mt. Kilimanjaro in the distance.

When the British took over in 1918 the different communities recieved assistance from the government (800/- each) towards a local school building. A two thirds Government grant for salaries was also forthcoming. A central Dutch School Board was created now responsible to the Director of Education.

It was on 21 March 1928 that Dr Pieterse started teaching in this building. He introduced higher education. In the same year a new solid, modern building was completed with Government assistance. This school was to become the biggest Afrikaans school in Tanganyika with 75 pupils attending. More than twenty of them were "behoefte kinders". Several pioneers were desperately poor and the farming community was struggling under the impact of world depression.

In 1931 the old school was rebuilt by Mr Pieterse and served as a boarding house. There were 26 occupants of whom 23 received free boarding and lodging and Mr Pieterse also paid their school fees.

One asks: "Where did the money come from?" To this question Dr Pieterse answers: "More things are wrought by prayer than this world dreams of" (Shakespeare). One day the Director of Education Mr Rivers Smith personally inspected the school. He was so impressed by the excellent standard that had been achieved in all spheres of human endeavour - educational, spiritual and in sports - that he described some of the senior secondary pupils as artists. The boarding house was a strictly private endeavour and not under his jurisdiction, but he asked permission to inspect the place. He must have been impressed and remarked: "One day they will erect a monument for you". Out of the blue he sent sh 500/-. Pieterse knew how to inspire his pupils in many fields. He regarded his work at Ngare Nanyuki in East Africa as a "mission". Several of his pupils became lecturers, accountants, doctors, teachers and specialists. One reached cabinet status.

Sadly an epic page of history has been turned. Not long after comemorating the 50th anniversary of the first Boer Treks to German East Africa in 1904, which culminated in the erection of a monument at Kampfontein, the Ngare Nanyuki community, like all other Boer settlements had to abandon their beloved land on mount Meru, because of the political events that overtook them.

Leashold did not mean anything to later black administrations. They just cancelled such contracts and occupied farms as they liked and turned freehold farms into leasehold as it suited them. As fast as the white farmers left, the production of maize, grain and other sources of food diminished, causing the precarious agricultural situation Tanzania is experiencing at present.

As a German neighbour of the Ngare Nanyuki community, I feel that an assessment of mutual relations is long overdue. The Visser, the de Beers and others rendered valuable assistance to the German community which is not forgotten. It must also be remembered that Herr Seifert lived near Seifertskopf. In 1914 Frau Seiferts young sister died of shock when a wounded German soldier was brought to the house. Mrs Pienaar went to assist Frau Seifert, and Rev Mynhardt (on a visit from South Africa) conducted the sad funeral. All the Ngare Nanyuki farmers were there, and the choir sang "Rust mijn Zeil u God is komm". Twenty two years later Mrs Pienaar died at Sanya, and all the local German people were there to lay her to rest, and a German pastor led the service in German. The Ngare Nanyuki school choir sang "Verbly in Jesus arms". These tragic funerals are history now, but they touch ones heart, as these early settlers were neighbours and friends in need.

In conclusion I like to pay tribute to the Ngare Nanyuki farmers of the past. May they have found solace in their new homes in South Africa. They have lost much, but retain ever so many nappy and beautiful memories of a great country. Today ex-East Africans of English, German and Boer stock pay tribute to the leader of our countrywide committee of old East African Friends: Dr Hennie Pieterse, who still keeps our ties closely knit.

Herman Landgrebe
PS. Ek is jammer dat ek dis nie in Afrikaans geskryf het nie. H.L.



E.S. Maytham
P.O. Box 5339
WELTEVREDENPARK
1715

Dear Sir

My name is Edward Studley Maytham and I am trying to obtain some information on my family and your name was given to me as a possible source.

My grandmother's name was Johanna Elizabeth Maytham, known as Queenie, and she lived with her two sons and daughter, Edward, Archie and Marie Susanna, in Eldoret prior to the war. My father was Archie Maytham, but it is in connection with Edward and Marie that I am seeking information.

I have heard that Edward married Eunice Roberts but that he died soon afterwards; when or how we do not know, or whether he had any children. We also would want to know what happened to his wife after his death. Edward, by the way, is the one shown on the copy of the photo. *(The photo could not be reproduced)*

We have absolutely no information on Marie other than a birth certificate. After the war Queenie and Archie settled in Nakuru, where I was raised. This is all the information that we have been able to obtain to date and so we are hoping that you might be able to add to it or direct us to someone who may be able to help us.

Hoping you will be able to assist us, we await your reply in anticipation.

Yours faithfully
E.S. Maytham

P.S. We obtained your name from Rex Kirk in George.
Can anyone help please? JS.

*You can use the newsletter to
trace old friends.*

KENGELE NA LIA - KENGELE NA LIA (Die Klokke Huil - Die Klokke hui!)

In 1941 sit my broer Schalk en Harry Fouche op die kroon van ou Sergoitkop, ongeveer 9100 voet bo seespieël, vanwaar 'n mens tot in die verre verskiet kan sien - die berge Morotto en Dabasien in Karamojo (Oeganda), die Chipcherengani berge in die noorde, waar daar net 'n breuk is by Kacheliba vir die pad na Turkana en die Rudolfmeer, en dan effens laer waar Berg Elgon begin in die noord-weste en rys tot oor die 14000 voet. In die weste staan die drie Nandi-koppies, Kapsabet, Kapjet en Kapton en sover as 'n mens kan sien in die suid-ooste waar Kaptegat begin tot by Kamorin wat 3000 voet in die Skeurvallei in sak, tot anderkant waar 'n mens die Kamasia-berge kan sien.

So ingedagte sit hulle en luister hoe die dassies skree en die berghane aangesweef kom terwyl 'n ribbok stil verbysluip. So sit hulle en kyk na die pragtige plase wat oor die jare opgebou is.

"Harry?"

"Ja Schalk?"

"Dit is mooi wereld he?"

"Ja Schalk."

So 'n rukkie stilte, toe se Schalk: "Harry, wat jy nou hier sien Harry, sal binnekort alles swart wees." Ja, soos die profete van ouds het hulle reeds in die verte, nie baie duidelik nie, maar wel onmiskenbaar, die klokke hoor lui. 'n Gedruis wat al harder sou word en al hoe nader kom, en uiteindelik die British Empire na sy maai toe sou stuur. Indie, Ghana, Tanganyika, Oeganda en oplaas Kenia, waar die witmense wat hulle grond van die Britse-regering gekoop het en opgebou het, ook sou moes hoor dat hulle "expendable" is. Dis die woorde van Duncan Sands, die Koloniale Sekretaris, wat later deur McLeod in Nyasaland beaam is. "Kengele na lia."

Ja, so was ons dan sienende-blind en kon maar nie dink of begryp dat Groot Brittanje ons in die steek sou laat nie, al het ons geweet dat President Roosevelt destyds by die Yalta Konferensie, waar hy saam met Stalin en Churchill, Amerika se toetrede tot die oorlog bespreek het, die voorwaarde aan Engeland gestel het dat "...your colonies will have to go." Kengele na lia - kengele na lia. So is ons lot bepaal. Die begin daarvan, as gevolg van druk van die VSA - die Kongo-debakel. Toe het Ghana gevolg, of soos dit destyds bekend gestaan het, die Goue Kus.

Nyerere is toe na Lancaster House ontbied om oor Uhuru vir Tanganyika te gesels. Met sy terugkeer het hy op die lughawe aangekondig, "I hope to achieve independence within ten years." Ses maande later se die Engelse, "Ja, hier is Uhuru." (Some have greatness thrust upon them). Alhoewel Tanganyika op daardie tydstip nie Uhuru wou he nie, moes hulle dit aanvaar omrede Duncan Sands baie onthuts was dat die Kongo eerste onafhanklikheid verkry het, in plaas van 'n Britse kolonie.

Toe word Oeganda onafhanklik en die onweerswolke begin oor Kenia saampak. Maar ons hoop toe, want, in 1952 het Prinses Elizabeth (wat toe saam met Prins Phillip in Kenia besoek afgele het). 'n boodskap aan die Setlaars in Kenia van Sy Majesteit se regering oorgegee. Ek onthou dit nog so duidelik asof dit gister gebeur het. Ons is almal in kennis gestel dat sy die aand oor die radio 'n boodskap aan ons sou uitsaai. Haar boodskap: "This land is your land unto perpetuity." Ek kon dit nie glo nie, maar almal was weer

vol moed en opgewonde. Die Regering het ook die boere gevra om hulle gro na 999 jaar in plaas van 99 jaar oor te sit, wat die huurstelsel betre Ek doen dit toe, want, dink ek, teen daardie tyd sou ek seker nie so v meer omgee nie, en heelwaarskynlik self nie meer boer nie.

Toe begin die Lancaster House konferensie. Ons wou nog "Rule Britann sing, maar toe, kaplaks, kaplaks, klap Haar Majesteit, en soos water u 'n vlak skottel in alle rigtings spat wanneer jy dit met die hand kle spat ons, tot in al die dele van die wereld, uitmekaar.

"Kwende" julle bastards, het Bruce McKenzie en andere geskel, terw eersgenoemde se snor bewe van genot. Toe sing ons maar "We are marching Pretoria, Pretoria rules the waves. Die een kant op die ander kant af hier kom die Boere, hier kom die Boere". Sommiges is Australie toe w hulle kangaroo-stert eet. Ander is New Zealand toe, waar hulle swartdiere, Moa-iets skiet en die velle Engeland toe stuur om handsa van te maak, want sien "Black is beautiful".

So was almal dan maar besig om planne te maak, want 'n mens kon nie t sit nie. Dis toe dat Jaap Heine sy Fordson-trekker neem, sy sleepwa la met al sy besittings, 'n paar sakke 'posho', 'n klompi hoenders vir pad, en met vrou en kinders die drie duisend myl na die Republiek toe pak. Ja, ons het maar altyd ou Jaap 'n bietjie geterg, maar hy het gewys wat 'n mens kan doen as jy wil. Die Fordson-firma het hier vir 'n nuwe trekker gegee.

My eerste buurman wat weg is, is Flip Prinsloo. Ek onthou nog hoe ek die huis verby gery het en sien hoe die huis leegstaan en die deure in wind swaai. Ek wil dit nie graag weer sien nie.

So met al die klaarmaak en beplanning en besluitneming oor wat om te d en waarheen om te gaan, gebeur dit toe dat twee ou swaers, Lewies Dopper van Bessiesfontein, of soos later bekend as Dopperlaagte, en sw Peet, 'n Gatjleponder van Hajis Drift, hulle in die Central Lounge kroeg bevind (seker nie onwillekeurig nie) saam met 'n lotjie ander.

Die gesprek gaan maar hoofsaaklik oor Uhuru; Haar Majesteit se Reger Bruce, Blundell en natuurlik die groot trek wat voorle. Almal verseg Black Label te drink en vra vir White Horse. Nie so lekker nie, maar d sonder die black. Waarheen? Suid-Afrika, Australie, Engeland? Sidj Skink maar weer en maak dit 'n double, want dit is gewigtige sake die hou dit aan, hierheen, daarheen, wie weet. "Closing time Gentlemen" Singh, nog net een "for the road". Daar en dan besluit Swaer Peet en Sw Lewies hulle gaan maan toe, en besluit om die volgende week bymekaar kom om reellings te tref. So gese, so gedaan. Alles word gereel. Die n en seuns laat mooi nuwe khaki-pakke by West End Tailors maak. Die he word by Mucky Bros. gekoop, asook die damesuitrustings. Ferreira doen goed sake. Manspakke- twintig sjielings en minder afhangende van grootte. Bhogha Dudha, "Soes Maker" maak mokassin-tipe skoene dat pors.

So is die twee vriende, saam met hulle families, ooms, tantes, neefs, niggies vort maan toe. Na baie gevare en ontberinge kom die Peet-Lew trek, soos dit bekend gestaan het, veilig en 'intact' by die maan "Nou is ons Manlaks," se klein Piet van Swaer Lewies. " 'n Goie na kind. 'n Goie naam" So kry hulle dan hulle nuwe naam. Gou het hulle put teen die randjie gegrawe - waar die uitsig mooi is en waar die

arde mooi sigbaar is. Die seuns grawe terwyl swaer Peet en swaer Lewies, aam met die opgeskote seuns, die 'barnotties' of jong bulletjies, soos ie Nandie en Elgeyo altyd se, gou teen die randjie twee varkhokke met lippe pak. Want, die vroumense moet darem 'n slagding ne en vet vir beseep.

De dit alles klaar was, word die koelie-winkel gou gebou. Sien, hulle het ir ou Ali Noor Mohammed saamgeoring, en swaer Lewies nogal 'n Vrystater, aar soos swaer Peet se: " 'n Koelei-winkel en 'n buite-choo het mos 'n herente deel van die Afrikaner-kultuur in Kenia geword", en hy moet mos eet.

o met verloop van tyd is die noodsaaklikste takies afgehandel en swaer eet en swaer Lewies sit toe een aand en kyk hoe die aarde opkom. Swaer Peet."

Ja, Swaer Lewies"

n Rukkie stilte. "Njaa, ek het so gedink," dan paah, paah, blaas swaer ewies die rookwolke van die Olivier Special tabak wat hy van Patatadraai aamgebring het, uit. "Njaa - ons is nou al 'n hele ruk hier," paah, paah, rek die tabakrook, "is dit nie tyd dat ons 'n politieke party stig nie, waer."

Net soos jy se, net soos jy se". Paah-Paah, trek die rook van die livier-tabak.

aar word besluit dat hulle almal oor die drie dae by ou Ali se winkel ymekaar sou kom om die Maniake Politieke Party te stig. So kom almal toe, itgedos in hulle West End Tailors, Mucky Bros en Perreiraklere bymekaar. anie, Sarie, Grietjie en Gerda word aangese om die babas lekkers te laat uig, sodat hulle nie die verrigtinge sou steur nie. "En", maan Ouma ester, "sorg dat hulle net 'n bietjie suig as hulle wil huil en bewaar ulle siele as julle self suig."

u Ali word aangestel om notule te hou en om ook as verteenwoordiger te ien, "Want sien," se neef Okkie, "hy is onpartydig want hy verkoop aan lmal." So het die stigtingsvergadering dan begin en soms maar warm eword, sodat ou Ali moes ingryp. 'n Bietjie halt roep sodat die ou lot on afkoel, en om tant Marie te kalmeer want sy kon nie alles so mooi verstaan nie en wou net dan en daar die Maniak Vrouevereniging stig, terwyl oom Piet dink hulle is byeen om te beroep. "Ons is twee kerke?" se y, "dus maar liewer somer 'n Eerwaarde. Want onthou julle nog," wou hy eet, "ja onthou julle nog hoe Ds Dednam ons in die wiele gery het toe ons n bietjie wou dans?"

Wel soos dit maar in Boere geledere gaan, kon hulle nie ooreenkom nie en vou elke familie, die Lewiese en die Pete hulle eie party stig. So teen sononder en hees gepraat en voos gedink, is die vergadering verdaag en die otjie uitmekaar. Nie kwaad vir mekaar nie, nee nooit nie. maar darem so 'n bietjie vies en ontsteld. "Wie dink hulle is hulle?" vra die onthitse vrouens. "Gmf! Een party, Watwou!"

Maar soos goeie vredeliewende swaers, is daar toe besluit om soos in die aae van Lot en Abraham, een familie regs, en een familie links van die Koelie-winkel te vestig. Ou Ali kon in die middel wees om te verneem hoe dit mer klein Andries, die seun van swaer Lewies se seun, Salmon, gaan, wat sy toon teen 'n stuk metaalrommel, wat heelwaarskynlik deur die Amerikaners gestrooi is, gestamp het. Of dit kon ook 'n Sputnik wees, want binne-in was die geraamte van 'n hond wat lyk of die se stert swaai wanneer die wind gaardeur waai.

Dit is al wat ons van ons ou Kenia-vriende daar weet. Enige verdere nuus sal op Netwerk of 50/50 uitgesaai word.

En toe verskyn daar op 'n dag op die horison, 'n swarte. Hy dra 'n hooftoosel met krale versier, 'n leerbaadjie en in sy hand is 'n beesstert op 'n stok gemonteer. "Dis hy! Dis hy!" skree sommige, "hy is ons nuwe leier! Dit maak nie saak of hy 27 witmense en 10000 swartmense om die lewe laat bring het nie. Laat hom die Royal Show open", en baie soek net beessterte en dra net kos aan. Een ou dame se, "Isn't he a magnificent creature?" en toe 'swoon' sy. Die kaberjots se net, "Wat de donder", en hier kom ons.

Ja, so is almal daar weg. Party met baie min geld. Sommiges moes deur die doeanes gesmokkel word. Een is in 'n klerekas deur en een kleintjie in 'n vier-en-veertig-gallon drom. Maar, wat kom, is ons. Ja, Uhuru het mense hard geslaan, veral die ou mense. Vir baie was die ontwrigting net te groot en die trek na die vreemde toe was te veel. Ek glo baie is van hartseer corlede. Ja, Kengele na lia - na lia. Maar ons sal hulle nooit vergeet nie. Mense wat die siel en wese van Kenia uitgemaak het. Ons onthou hulle soos hulle was en hoe elkeen sy/haar deel bygedra het om Kenia te maak.

'n Paar het bly le en kon nie weer opstaan nie. Maar stadig en langsaam het dit begin roer en beweeg waar hulle grond gevat het, wortels geskiet het. En, nou na twintig jaar staan hulle lowergroen en vasgeanker met baie jong spruite, sterk en vol moed. Ja, die Kaboerjots kry jy nie onder nie. En dit is vir hierdie jong mense wat Kenia nog skaars onthou en wat vir andere net 'n pleknaam is, wat die ou mense van praat. Vir hulle wil ek se om te luister na die ou mense van Kenia, 'n land van kontraste, ook wat mense betref; 'n leefwyse wat baie, baie besonders was. Dit was 'n land van mense met 'n humorsin selfs in die swaarste tye, mense wat onder die swaarkry nog kon lag en altyd vriendelik was. 'n Land waar mense mekaar kon vertrou en waar 'n mens se woord sy eer was. 'n Land waar almal moes deel om Kenia te maak wat dit was - die kroon van al die kolonies. Luister na die stories wat vertel word, van lag en swaarkry. En tog, vol grappe en ervarings. Jammer net dat ons nie al die ervarings met julle kan deel nie.

Maar nou het julle 'n ander land, met ander probleme, ander mense en totaal ander omstandighede. Julle wat uit Kenia kom en afstammeling van die ou Kenia-families is, sorg dat julle die land waarin julle woon waardig is. Ons vertrou op julle.

Toe dinge begin skeef loop en ons besef dat Engeland ons afgeskryf het, moes iets gedoen word. Dit is toe dat die Southern Africa League gebore is - met takke dwarsoor die land. Ons het een keer per maand of meer in Nairobi of by die Jolly Farmer Hotel by Timbaroa saam met verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse kantore in Nairobi bymekaar gekom. Hier is dinge bespreek en uitgepluis.

So het die SA League deur sy toedoen, baie voorregte vir ons Keniamense verkry. Voorregte wat baie nie eers van geweet het nie of as vanselfsprekend aanvaar het. Ek moem 'n paar: Alle mense van Suid-Afrikaanse afkoms, klein of groot, kon dadelik hulle Suid-Afrikaanse Burgerskap terugkry, mits hulle by die doeanekantoor gese het dat hulle Suid-Afrika toe gaan. Dit het nie saak gemaak van watter land in Afrika hulle 'n paspoort gehad het nie (Buiten Ghana). Elke familie kon f10000 se goedere saambring, 'n motorkar en 'n vragwa. Elke persoon wat na Suid-Afrika gekom het, was geragtig op f60000 mits hulle daarvoor aansoek gedoen het. Kinders wat na 1949 gebore is, moes hier 'n nuwe geboortsertifikaat by Binnelandse Sake kry. Ou mense kon dadelik 'n pensioen kry. So het heelwat ex-indian Army mense ook nier pensioene

gekry. Ons het ook in Durban, Pretoria, Oos-Londen en Kaapstad kantore gehad om nuwe immigrante met raad te bedien en te help werk soek. 'n Mens kon ook in een van die ou mynhuise gaan bly en £30,00 per maand kry om te help totdat daar werk gekry is. Soos ek kan onthou het baie mense nie in die SA League geglo of van gehou nie. Maar vir al hierdie dinge bly ons Suid-Afrika dankbaar. Ons is ook versoek om die aansoeke van mense wat by ons aanklop, goed of af te keer. Van die anderstaliges is dan ook afgekeur en moes anderplek heen. Van die anderstaliges is sowat 25000 egter deur die SA League goedgekeur en het hierheen vernuis. Ongelukkig het ons net voor Uhuru alle vergaderings gestaak en is al die notules in Kenia verbrand. Dit is besonders jammer want ons kon eintlik al die notules sonder moeite saamgebring het.

In toe was daar die vet ou Koelie wat op Bulangira, naby Soroti in Oeganda, 'n winkel gehad het. Hy het omtrent alles onder die son verkoop want sy klandisie was Wit, Swart en Indier. Nou ja, hy was vet, of soos Boetie Koot Prinsloo sou se, "O nee, hy was nie vet nie, hy was min vet!" 'n Mens kan eers agterkom hoe vet hy was as jy 'n paar keer om hom gestap het. In een kas, beskerm deur gaas, het hy sulke yslike groot kase gehad. En, in 'n ander een, ook beskerm deur gaas, het hy die varkspek en wors vir sy wit klandisie gehad. Sy assistent moes dan ook die varkvleis bedien. Nou was dit die gewoonte om kort, kort kaaskas toe te loop en vir 'n groot homp kaas af te sny en lekker te verorber. Eendag was Schalk daar saam met 'n ander. Schalk het die spulletjie mooi dopgehou en toe hy sy kass sien, toe ruil hy die spek en die kaas om. Nie te lank nie, toe kom ou Alibhai, steek sy hand in die kaaskas en gryp toe die spek. Hy merk dat alles nie pluus is nie, kyk af... Maar toe praat hy Koelie-taal dat die spoeg so spat en vlieg agter Schalk aan. Schalk beweeg net net netjies al om die toonbank terwyl die ander rol soos hulle lag.

Maar toe besluit ou Alibhai om met vakansie Indie toe te gaan. En daar, so vet soos hy is, raak hy verlief, maar die mooi weier om met hom te trou voordat hy nie verslank het nie. Diep beoef is Alibhai terug Oeganda toe. Destyds, (in die twintigerjare) het 'n verslankingsmiddel, Antipon, op die mark verskyn. Dis die dat ons verliefde 'n groot bottel Antipoon aanskaf.. Die ou mense onthou seker nog die rympie: "As ou tant Sinna straat op stap om varkpens-spek of Antipon te koop, dan le die werkers hulle sware stampers neer en se dank die ????". Nouja, Alibhai was verlief en haastig om die vet af te skud. Hy slaan toe sommer die hele bottel Antipon met een teug weg en kaput is hy. Lees maar eers die etiket op die bottel. Kengele na lia - na lia.

Soos ek vantevore gese het, was die Uasin Gishu Plato vol kwaggas - duisende en duisende van hulle. Hulle het dit vir die boere amper onmoontlik gemaak om te saai of draad te span. Hulle het alles eenvoudig verwoes. Maar toe kom die 1927 verkiesing. Dit was nou vir die Wetgewende Raad of 'Legislative Council'. Kolonel Griffiths staan teen Tommy O'Shea, 'n Ier en soos nyself erken net, 'n Sienfeiner (nou die IRA). Destyds het die ou rooies gedink 'n kolonel is iets wonderliks, maar toe kom Tommy O'Shea en se dat as hulle vir hom stem sal hy die kwaggas laat uitskiet en al die velle koop teen 3 - 4 sjelings en twee patrone vir elke vel. Met ander woorde, vir twee kwaggavelle kon jy twee nemde of 'n broek of 'n paar skoene, of 12 biere of 12 tots whisky koop. Verkoop jy drie of vier velle, kon jy 'n os op die vendusie koop. So dan was die kwagga-verkiesing een van die groot gebeure in Kenia. O'Shea het loshande ingekom - so ry-ry op 'n kwagga. En die Zebra Campaign het in alle erns begin. Net waar jy hoor skiet die mense kwaggas. Dit is baie jammer - maar boerdery en kwaggas gaan nie saam nie.

Met die kwaggavleis kon mens niks maak nie - benalwe om dit vir brandsiek honde te voer wat dan binne 3 - 4 dae gesond was. Maar jy kon nie die honde in die huis toelaat nie. Maar, so vinnig soos die boer die kwaggas skiet, so vinnig vreet die aasvoels die afgeslagte kwaggas. Eenvoudig duisende en duisende aasvoels. Seker van so ver af soos die Soedan en Ethiopia en miskien ook Suid-Afrika. Hulle het seker maar die teken gegee en hulle het van heinde en ver gevlieg.

Nou het die boere by die dorings, d.w.s by Soy-Patatdraai-omgewing en Sergoit na afspraak, vroeg in die more uitgegaan en 'n groot kring om die kwaggas gevorm. Skiet dit eenkant, dan storm die kwaggas anderkant toe, so al in die rondte. Natuurlik myle van mekaar af. En so gebeur dit dat Oom Jan Fourie gou agter die bossies moet in. Hy het net lekker gesit toe storm 'n lot kwaggas op hom af. Soos blits is hy uit die broek, skiet gou 'n paar kwaggas en kom haal dan so doodluiters weer sy broek. Die kwaggaskiet was baie jammer, maar so het die klokke vir hulle ook gelui. Kengele na lia - na lia.

Maar so van kwaggas gepraat. Mense sal seker onthou dat die aptekers, Howse & McGeorge, 'n opgestopte kwaggakop op die stoep gehad het. "Duka ya Punda" soos die swartes dit genoem het. Weaver was die apteker. Guy Lovemore was destyds die bestuurder van die "Kenya Farmer's Association". 'n man wat altyd vol grappe was. Eendag roep hy my by sy kantoor in om iets te vertel. Die oubaas was nogal hardhorend en het die dokter hom raad gegee om sy neus styf toe te hou en te blaas - dit sou kwansuis die ore laat opgaan. Nou het hulle glo die aand tevore 'n groot partytjie gehad met genoeg voggies. En toe loop gee die gasheer elkeen 'n pilletjie om te sluk om te verhoed dat die koppe die volgende oggend te seer is. Dit het nogal genhelp. Die oubaas stap die volgende dag apteek toe. Net toe hy by die stoep kom onthou hy die dokter se raad. Hy gaan staan, neem sy sakdoek, en gee 'n allemintige blaas. Sy ore bly bot toe, maar die blaas het darem sy uitwerking onderkant toe gehad en O wee, alles die broek in.

Maar nou wil ek 'n bietjie vertel van al die diere en voelsoorte wat van die Plato af weggeraak het, uitgeskiet en klaar gevang. Baie jammer en baie tragies.

waas kwaggas was daar duisende rooihartbeeste en topis. Laasgenoemde het ons soms blesbokke genoem. Dit het 'n swart bles gehad en was heelwat groter as die Suid-Afrikaanse Blesbok; dit was 'n heel ander spesie. Van hulle het nie een oorgebly nie. Op my plaas was daar nog 'n paar steenbökkies. Ook het ek nog baie oorbieltjies gehad, maar ek glo daar is nog net een plek waar hulle is of was. Ook die rietbok was baie kwesbaar en maklik deur nonge gevang. So het die klokke ook vir hulle gelui.

Op die Plato was daar baie tinktinkies, die kleinste voeltjie in Afrika. Hulle het regop gevlieg en so tink, tink, tink" geskree. Ook hulle is we tesame met die swart piek, die blou spreeu en die arme berghaan. Ook die geelbors kalkoentjie, die witbors kraai en tot 'n groot mate die swart-kraai. Patryse was daar maar min oor. Die swartes het hulle baie maklik gevang asook honde want hulle het driekeer opgevlieg, en nie baie ver nie, dan hardloop hulle of probeer hulle wegkruip. My een ou hond het baie vir my gevang. Hy het altyd mooi gekyk waar die patrys gaan sit, en as die die derde keer gaan sit, was hy daar. Ook die snip het verdwyn kengele na lia - na lia.

Kiewietjies was eers baie volop. Ongelukkig het hulle die gewoonte gehad om op kaal kolletjies grond hulle eiers te lê en uit te broei. Hulle het in die geploegde lande begin lê en het die trekkers die eiers en kleintjies in die land in geploeg. Ek het self baie voor die ploeg verwyder. Die oorievaar het in hulle trek noorde toe of suide toe in groot swerms op die Plato geland en gerus vir 'n paar dae. Hulle het seker hulle roete verander want sekere van die swartes het hulle begin eet en hulle was maklik om te vang. Die bosluiscvoeltjie, of renostervoeeltjie was ook skoonveld. Ek reken dat met die dippery was daar nie meer bosluise vir hulle om te vreet nie. Ook baie van hulle is seker dood van die bosluise wat van beeste wat met Toxephene gedip is, gevreet het.

Altwee die spesies leeu sowel as die jagluiperd het verdwyn. Ek het gese die twee spesies leeu - want die bontpoot het by die Elgeyobos en tot by ons voorgekom en het nie met die ander spesie gemeng nie. Baie wou nie glo daar is twee soorte nie. Die eerste leeu wat op Concordia geskiet is was 'n ou bontpootjie leeu. Hulle het ook naby Thompsonsvale voorgekom.

Dan het ons op die Plato die aardwolf wat ook soms die maanhaar-jakkals genoem is, gehad. Dit was 'n baie skugter dier wat net snags te sien was. Dit het net vrugte en goggas en muise gevreet. Seker baie min mense was van hulle bewus. Ek het twee vir jare lank in my vrugte boord gehad en hulle het al die afvalvrugte opgevreet. Toe ek eenkeer weg is, kom Dirk daar aan en skiet die arme ou diere dood. Waarom sal 'n mens seker nooit weet nie. Kengele na lia - na lia.

Maar daar het duisende tarentale ingekom. Ek het vyf van Oeganda ingevoer en hulle het mettertyd wild geword. Ook baie soorte diuie het gekom namate die bome en plantasies vermeerder het. Selfs die Piet-my-vrou het sy verskyning gemaak - die hele ent van die RSA getrek. Die pragtige visarend het gekom en by die damme hom gevestig. In die Elgeyo, by Mutei, het ons die owerbokkie, die "Fygmy Antelope" genad. Hulle was ongeveer so agt tot tien duim hoog en baie moeilik om te sien. Die Wildbewaarders het van nulle gepraat maar het later self geweier om te erken dat hulle bestaan. My swaer, Eddie de Waal het twee keer, twee van hulle in die nag in sy vrugteboord gesien - seker maar met die beboste rivieroewer langs gekom. Ek self het hulle spoortjies baie gesien, veral na 'n reenbui in die bos. Probeer soos ek wou, kon ek nooit self een sien nie. Hulle spore was so 'n halfduim lank. Eendag het ek twee se spore gekry en saam met hulle was 'n iammietjie - die se spoortjies net so 'n kwartduim lank.

By Londiani, so 1956 se kant, is twee ongediertes geskiet - die enigstes wat nog ooit gesien of geskiet is. Die Game Derpartment het nulle reuse rooikat, ows "Giant Lynx" genoem. Hulle was ongeveer so groot soos 'n gewone luiperd. Maar langs die rug van die skouers af tot naby die stert, en wat afkom tot so middeemaag aan weerskante, is 'n bloedrooi stuk vel soos die van 'n rooikat. Dit lyk asof dit daar vasgewerk is. Net die twee ooit. En waarom nie voorheen gesien of geskiet nie? Die vraag bestaan nou of daar eenkeer in die natuur, 'n kruisteling was tussen 'n tier en 'n rooikat. Op daardie tydstip was daar nie veel tiers (luiperds) of rooikatte oor nie. 'n Teorie miskien, tog moontlik.

En dan kom ons by die veelbesproke, legendariese, en ook as 'n mite bestempel. Kieriet soos die Nandis dit genoem het of die chemosiet van die Elgeyos. of die Nandibeer soos ons dit genoem het. waarom 'n beer weet ek nie - maar seker omdat 'n mens kon sien dat waar dit gesit het, dit soos 'n beer gesit het. Maar dan kry 'n mens 'n leeu wat soms ook so sit. Ek

het self 'n iuiperd so sien sit, met sy voerpote so oor sy knie. Die Nardie beer net in die kamosi en Elgeyobos voorgekom en het altyd dieselfde roete gevolg. Van die Elgeyobos, by ons verby tot by die romery in Eldoret en dan verder af Nandi toe. Of, by die de Waals en Theunissens verby, asook by oom Koos Prinsloo, waar Johannes du Toit later gewoon het, dan af Eldoret toe en verder. Of, soms by Plato-stasie by Oom Jan le Roux verby en by Oom Laurie Pohl nulle. Dit het geskreu soos een wat vermoor word, maar darem ook nie heeltemal so nie. Ek self het dit nooit gesien nie, maar my broer Schalk het dit twee keer op Concordia gesien en ook eenkeer het hy en die gedierte mekaar raakgeloop in 'n voetpaadjie op Berg Elgon. Dan het Eddie de Waal dit eendag by hom gesien waar al die wild vlug - iets wat hulle nie juis in die dag vir 'n leeu gedoen het nie. Hy het op 600 tree 'n skoot probeer maar die ding het so vinnig gehardloop dat dit seker ver mis was. Op 'n ander keer het hy langs die bos te perd gery om leeus te soek. Die son het net gesak en in Kenia is die skemer baie kort en is dit so te se donker, toe hy iets wit langs die bos bespeur. Hy klim af en le aan om te skiet, maar met een sprong is dit oor 'n besvoet bos, die bos in. Ook Laurie Pohl het dit gesien asook oubaas Hosking en Gordon Faar wat naby Timbaroa een amper onder die trein gehad het. By die Moroto-berg in Karamoja skree dit snags. Vra jy die Swartes wat skree so, se hulle net nulle het niks genoer nie, maar skuif nader aan die vuur en gooi nog hout op. Die Elgeyo en Nandi se hy vang 'n bees en spring bo-oor die muur daarmee.

En hoe lyk die Nandi beer? Almal is dit eens dws Swart en wit, dat dit so groot soos 'n leeu is, met lang grys hare, 'n wit bors en pens. Die kop het lang grou hare wat amper soos 'n leeu s'n uitstaan. Nou ja, nou weet julle alles van die Nandie-beer af. Wat het daarvan geword? Ek glo, dat met die verdwyning van die kwaggas en ander grootwild, het hulle padgegee. Waarheen? Nani na Jua. 'n Onopgeloste raaisel soos die van die Yeti.

Dan het ons in Kenia seker die kleinste diertjie in Afrika, indien nie die hele wereld nie genad. 'n Klein muisie wat so opgevou sit, grys met 'n wit pensie en amper ronde oortjies en seker nie groter as 'n tweesentstuk nie. Die eerste een wat ek gesien het, het op 'n grashalpie gesit en saad vreet. Ek het my verwonder, meer omdat dit so mak was. Ek het sy rug gestreel met my vinger maar hy het net aanhou vreet. Snaaks tog, maar 'n buurman het my van presies dieselfde ondervinding vertel. Dan het ek ook twee by St Andrew's School op Turi gesien, waar 'n paartjie by die ingang van die saal gebly het en waar die kinders nulle gevoer het. Ek het een in my hand opgetel maar dit het nie omgee nie. Volgens 'Ons en die Natuur' word beweer dat die skeerbeekmuis hier in die RSA die kleinste diertjie is. Ek het aan nulle omtrent hierdie muis geskryf en ook dat die skeerbeekmuis in Kenia baie kleiner is as die hier, en dat dit baie meer stink. Maar dis vir nou eers genoeg - anders begin ek lieg.

Vir so baie dan het die klokke begin lui. Van die hiernamaals het elkeen maar sy eie idee. Die land van Pomehan - die land van die hiernamaals soos die Rooi Indiane se. Sal ons mekaar weer ken en sal ons nog iets van die ou wereld onthou? Wie weet - maar sal ons lekker geseis. My goeie ou Arabiese vriend, Mohammed Ali, het vertel dat die Groot Skaapwagter sy ring verloor het, en al die skape aangesit het om daarna te soek. Dis die dat nulle altyd met die kop na onder loop. Die dag as hulle dit kry sal al die skape nulle oppe lig. Dan is dit Siku ya Murki Hama. Die dag wat al die oowies opstaan. Nouja, ons wag maar vir Siku ya Murki Hama.

Salaam Sana Sonnie.

Soos vertel Deur Oom Hendrik Odendaal.

Jong ons Odendaal familie het 'n lang storie. My voorouers het in 1904 uit Suid Afrika opgekom met wa en osse. Hulle wou nie onder die Engelse regering staan nie. Hulle het met daardie Matebele oorlog, met wa en osse deur die Rhodesies saam met die Von Lansbergstrek gekom. Hulle het baie malaria gekry en het baie swaar gekry. My ouers het toe in Dar-es-Salaam lande gekom en daarvandaan is hulle na Arusha en Meru toe.

Ek is gebore aan die voet van berg Kilimanjaro, op Simba Estate, in 1921. My Pa hulle het baie rond getrek, hulle het nie plase gehad nie, hulle het maar by ander mense geboer om 'n deel.

My eerste skoolopleiding, was by Mnr van Wyk op Karamatoni, die eerste ou klein skooltjie wat ons daar gehad het. Ons was maar arm, die mense het nie veel gehad nie, dit was die depressie jare, en dit het maar swaar gegaan, geld was daar nie. Ons het darem genoeg kos gehad. Ou gelapte broeke, bottel melk, 'n stukkie brood of 'n bietjie rys. Maar dan het jy ook kinders van welaf ouers gekry. Hulle het beter gelewe as ons. Daar was nie baie boere in die omgewing nie. Jy kon hulle op jou vingers tel. Mnr van Wyk was 'n goeie onderwyser. Destyds moes ons almal gedurende die week Engels praat by die skool. As jy Maandagmore daar kom dan is dit nou Engels en as jy Afrikaans praat dan gee hulle vir jou 'n blokkie wat jy om jou nek hang, dan is jy 'n donkie. En as jy teen Vrydag nog daardie blokkie het, dan kry jy 'n hengse loesing. Ons kon nie Engels praat nie. Van die groter seuns kon taamlik Engels praat en dan steek hy die blokkie weg. As jy Afrikaans praat, gee hy vir jou die blokkie. So het baie van ons ou kleintjies pak gekry op die Vrydagmiddag net voor ons moes huis toe gaan. Daardie 'blessede' Engelse praterij.

My Dupa en Duma het my groot gemaak. My Ma is dood toe ek vier jaar oud was, met my jongste sussie se geboorte. Ons was drie seuns en drie dogters. Twee kinders is dood aan Malaria met die trekkery van Suid Afrika. Ek kan baie mooi onthou toe sy begrawe is. Ek het langs my Pa gestaan en so aan sy broekspye vasgehou toe die kis afgesak het. Dis al wat ek van my ma kan onthou. My pa het nooit weer getrou nie. My ouma het toe oorgeneem en die kinders grootgemaak. My pa wou nooit die kinders laat aanneem nie. My ouers was arm maar eerlike, hardwerkende mense, en hulle het nooit van iemand iets gevat nie, of ander kwaad aangedoen nie. Met sy dood het nie Sc aan iemand geskuld nie.

My pa het nog 'n broer gehad: Oom Adriaan, 'n baie goeie ou boer wat sy vingers verloor het toe 'n geweer in sy hand ontplof het. My pa het ook twee susters gehad wat nooit getrou het nie. Dit moet ek vir jou se, die Odendaals is nie mense wat graag getrou het nie. My broers is nie een getroud nie. Een suster is getroud en is net 'n paar maande na haar eerste kindjie, oorlede. My ander suster is getroud toe sy al 'n oujongnoot was. Op die oomblik is dit nog net ek wat oorgebly het van die familie.

Ons is later na die Lupa-goudvelde in Tanganyika. Ek kan so mooi onthou toe ons daar in die riviere begin goud was het met water. Later jare het ons die droe blasers gebruik in die randjies. Ons het die goud sommer vlak gekry. Toe soek ons nie meer in die riviere nie maar in die randjies. Ons was baie ongelukkig.

Ons is toe later daar weg terug na Arusha, en het havy die Piensaars gaan bly. Oom Abel Pienaar sy vrou tant Nona, en hul kinders Sangiro, Danie, Johannes en Tommy. Sangiro was die skrywer. En nou hulle baie goed geken. Tommy het ek die beste geken. Na sy pa en ma se dood het ek en hy noga baie bymekaargekom. Hy is toe later in Warmbad oorlede. Ons het by hulle op 'n plaas gebly. Daar was nie geld om groot lande te saai nie, ook net so twaalf osse om mee te ploeg. Misliës was daardie tyd drie sjielings per sak. Dit het nie te goed gegaan nie, met die gevolg dat ons familie altyd bymekaar gebly het vir ondersteuning.

Ek is die eerste een wat weg gebreek het toe ek 16 jaar oud was. Ek gaar werk toe op Karomotoni, by oorlede Oom Org Boshoff. Die plaas se naam was Lucky-Lucky Estate. Dit was in die oorlogsjare. Karools die oudste seun van Oom Org het by die inmaakfabriek gewerk, en beeste opgekoop in Kaffer trustlande. Sy jonger broer, hulle was twee broers, het in Nairobi daar by Athi River gewerk, waar hulle die vleis inmaak. Ek het dus vir hulle die boerdery behartig, en het R2 per maand verdien, twee knaki broeke, 'n paar skoene, en dan 15% van die ces. Met een spannetjie osse kon mens nie veel uitrig nie. Ons het 'n koffieplantasie gehad, en al die volk moes in die plantasie werk, met die gevolg die lande is verwaarloos. So was daar altyd 'n ou swak oes gewees.

Oom Adam Boshoff het nie ver daarvandaan gebly nie. Hy was 'n swaer van Oom Org. So 'n entjie daarvandaan het Oom Frank Malan gewoon. Hy was my ou Peet Oom. Die ou Oom Frank Malan was ook 'n swaer van Oom Org. Die drie swaars het 'n ooreenkoms gehad. Een Sondag kom Oom Frank oor en dan hou hy godsdien, volgende Sondag kom Oom Alek dan hou hy godsdien, dan is dit weer Oom Org se beurt. So het hulle beurte gemaak. Maar hulle het ook nie almal vir mekaar ooghare gehad nie. Oom Alek het nie daarvan gehou dat jy praat oor God nie, jy moet lees, bid en kry klaar. Ou Frank sal ek nooit vergeet nie. Een Sondagmore, is ons daar om die godsdienstafel. Dit was Oom Frank se beurt om te lees. Oom Alek het op die onderste punt gesit, en toe hy klaar gelees het wou hy praat, hy kyk so op en hy sien vir Oom Alek. Oom Alek wys vir hom met die vinger, toe bly hy stil. Toe kniel ons om die tafel, en hy het daarna 'n gebed gedoen. Oom Frank het die manier gehad om 'n lang gebed te doen. Oom Alek het nie veel daarvan gehou nie, met die gevolg hy het toe al begin rondskuit, toe se hy naderhand Amen. Toe moes Oom Alek ook maar, Amen.

Oom Org was 'n netjiese boer, en hy hou nie van swak werk nie. Maar hy was 'n baie suinige ou man. Ek sal nooit vergeet, hy het 'n groot bokseil gehad. Die ding was al oud. Ons het 'n klomp eland vetgevat, dit warm gemaak, die seil daar onder die vyeboom getrek en dit begin vet smeer. Die outa het gesmeer en hy skeur per ongeluk die seil. Hy se "Oco! nou gaar die oubaas my slaan". Maar hy se nee wag, hy het 'n plan, ek moet net nie lag nie. Ek hoor naderhand Oom Org kom aangstap met die kiere. Hy het altyd so geloop en fluit. Toe hy daar by ons kom toe se die ou boy vir hom die hond het daar kom krap met sy pote aan die seil, en hy het die seil geskeur. Hy vra waar is die hond? en, die boy se "Daar is hy." Hy roep hom en vat hom agter sy nek en druk die hond se neus so op die seil waar die skeur is, en hy het die hond goed geslaan. Toe se die outa, "Sien ek sou pak kry, maar liewerste die hond as ek".

As ons osse wou inspan, het ons rieme gebruik vir trek goed want daardie tyd was daar nie kettings nie. Elke more moet die trensriem van die heup omgedraai word, dit kan nie die heeloag daar trek nie en more weer, want hy mag nie op een plek slyt nie.

Dom Org het maagkanker gehad, en ek moes saans daar in die sitkamer op riempiesoank kom slaap. Sy kamerdeur het op die sitkamer oopgemaak. Daar roep hy my drie, vier keer die nag om sy oene en maag te vryf met kamferolie. Die man was eers groot maar ek kon naderhand my hande so onder hom sit en hom maklik omdraai. Ek het hom vir ses maande so opgepas.

Dit was 'n verskriklike lewe, daar was geen jong mense nie, ek het net elke dag met ou mense te doene gehad. Ek was baie bekommerd. Boshoff, die jonger broer, gee vir my vyf pond en se ek kan vir tien dae weg gaan. Vyf pond was baie geld daardie tyd. Toe gaan ek Eldoret toe na Kosie Boschhoff. Ek het die twee weke op Eldoret geniet. Daar het ek vir Sammy Cloete ontmoet en jong mense gesien. Ek was uitgehonger vir jongmens-geselskap. Mat die gevolg die twee weke het my baie laat dink. Toe ek weer terug is het ek verlang na Eldoret. In die ses jaar met al die gesukkel het ek 'n spannetjie osse en 'n tweevoorploeg gehad. Voor ek daar van Eldoret weggegaan het, het ek met ou Sonnie Cloete gepraat, en gevra of hy vir my 'n werk kan kry in Eldoret op 'n plaas, ek wil wegkom uit Tanganyika. Hy't toe niks belowe nie. Twee maande later, toe kry ek 'n brief van oorlede Stompie Korf. Hy maak my toe 'n baie goeie proposisie. Maar nou moet julle verstaan ek het nie geld nie, ek het wel die spannetjie osse en die ploeg maar verder niks. Die army het my los gelaat om op die koffieplantasie te werk, so nie, moes ek eers army toe gaan. Toe ek vir tant Lettie se van die brief dat ek 'n beter proposisie kan kry in Eldoret, vertel sy vir oom Frank en Dom Frank is toe Arusha toe en hy gaan sien toe die magistraat, en die eerste wat ek sien is ek kry 'n brief van die magistraat ek moet hom gaan sien. Na 'n lang gesprek en mooi raad van die Magistraat, Mnr Huggins, kry ek toestemming om Eldoret toe te gaan.

Willem Jacobs, 'n polisieman in Tanganyika, het gehoor van my wegganery. Hy wou vreeslik graag die span osse by my koop. Hy offer my 'n 100 pond vir die osse soos hulle daar loop. 100 pond is vir my baie geld. Ek het dit nog nooit bymekaar gesien nie. Of hy gee vir my 'n Ford V8 kar. Dit was 'n pragtige kar. Dit was 'n soort van 'n stasiewa. Die kar het eers aan Oom Frank behoort wat dit aan hom verkoop het. Maar ek het nie 'n sent om petrol in te gooi nie. Ek het nie 'n dryflicens of niks nie. Nou weet ek nie wat om te maak nie. Ek wil Eldoret toe gaan, ek moet trein geld he. Ek het niks. Wat moet ek nou maak. En toe bid ek vir raad, en dit kom by my ek moet die kar vat. En ek vat die kar. Willem vat sy osse en los die kar onder die bome. En toe hoor ek hulle se, "Die fool hy veruil sy oosse vir 'n kar en hy het nie eers geld om petrol in te gooi nie".

Ek ry toe Arusha toe waar ek 'n Griekse garageeienaar ken, Mnr Peros, ek se vir hom ek het die kar gekoop by mnr Jacobs en ek wil Eldoret toe gaan maar ek het niks geld nie. Ek wil he hy moet hierdie kar vir my verkoop, en die geld Eldoret toe stuur, hier is my adres, maar ek wil jou vra om vir my 25 pond te leen op die kar, as hy die kar verkoop dan kan hy die 25 pond aftrek en vir my die res stuur. Hy gee my die 25 pond, en ek is Eldoret toe met die trein. Toe kom ek by Stompie Korf te lande. Goeie man. Twee maande later hier kry ek 'n tjek van Peros van 275 pond, hyt sy 25 pond afgevat. Dit was baie geld vir 'n jong man daardie tyd. Ek het die geld gevat en vir my twee spanne osse gekoop by Supply-Board in Eldoret. Mooi osse, ek het hulle self uigesoek.

Toe is ek sommer ryk met osse en 'n bietjie geld in die bank. Toe ek by Stompie kom toe het hy 'n groot deel van die koring geplant, ek het die laaste deel help plant. En daardie jaar het ek by die 300 pond in my sak

gekry met die eerste oes. Daarna, elke jaar 'n beter oes. Ek het 9 jaar op daardie plaas gewerk. Maar ou Stompie is toe in '49 in Johannesburg onder operasie oorlede. Hy was vir my soos 'n broer en het my baie gehelp. Na ou Stompie se dood het ek nog drie jaar vir sy vrou geboer, en ek het toe 'n deel van die grond gekoop. Ek moes toe nog my kar verkoop om die laaste pennie te betaal vir die grond maar ek het dit kontant gekoop. Daardie plaas is een van die beste plase in daardie omgewing. Ons het nooit order 7-8 sakke koring gekry nie. Dit was vir daardie deel baie goed.

Ek en Nic Davis was ook vriende gewees. Hy het daar in Plateau verkoop en is Kipipiri toe, daar naby Thompsonsfalls en hy het aangehou ek moet ook soontoe kom. Daar was 'n stuk grond aan sy grond wat te kope was. Ek het toe naderhand my grond verkoop en ek is ook soontoe. Daar het ek gebly tot ek Suid Afrika toe gekom het.

Ek het baie petaljes gehad met die Davisse, veral die ander broer, die oudste broer Jim. Ek en Jim het eenmaal op safari gegaan daar in 1952. Die Davisse was lief vir safari en skiet. Ek het my buffel al geskiet, 'n grote, maar ons moet nog twee buffels kry, een vir Jim en een vir Nic. Ons soek ook nie sommer hierjy buffels nie, ons wil die ou modderbulle uithaal. Ons kry hulle elke dag in die bos. Ou Nic klim in die boom dan sit hy en kyk of hy kan skiet maar ek en ou Jim kruip in die bos in, in die haak en steek om by die ou modderbulle uit te kom, met die gevolg ons het maar baie noue ontkomings gehad. Ek se nog vandag dat hulle ons nie doodgetrap het nie is maar 'n bestiering van Bo.

Die een Saterdag gaan ons nie jag nie. Ons gaan die vrouens, Jimmy se vrou en suster en Karlina, Nic se vrou en my vrou saamneem en vir die dag uitvat so dat hulle ook iets sien. Ons was gelukkig ons het vroeg al baie gesien, buffels, olifante en leeuus. Hier by 12 uur se Nic ons moet 'n bokkie skiet. Hy skiet twee in een skoot, so in die trop. Nic is besig om vuur te maak en die outas slag af en Jimmie se, "Kom ek en jy stap hier in die loop af en kyk of ons nie 'n paar buffels kry nie". Ons was net in die lopies in, en hier is vars buffelspoor. Ons loop nog so 'n ent er nêr is 'n vars renosterspoor. Daardie tyd het ons nie renoster gese nie, ons se Boetnarrie. Dit is hier by Nic hulle waar hulle slag by die lorrie, die vrouens praat en lag en gaan tekere sommer hier naby. Jimmie loop voor. Hy steek sy geweer so in die takke, hy los die takke net so, en hy se, "ou boetnarrie staan net hier voor". Ek gee net pad dat Jim kan verby kom, ons moet nou kamp toe gaan, ons kan nie nou nog met 'n renoster te doen ne nie. Ek het net pad gegee toe hoor jy net takke kraak en hier kom hierdie vreeslike massa hier na my toe. Jimmy skree net vir my, "Skiet Hendrik!".

Hy loop Jimmy onderstebo, en toe hy so 'n tree van my af is gee ek hom een skoot, toe ek hom skiet toe draai hy om, en hy is op Jim. Ek het my geweer leeg geskiet op hom, daar was nie tyd om te korrel nie. Hy spring weg toe sien ek dis 'n buffel nie 'n renoster nie, en Jimmy se geweer hang aan sy horing. Ek laai toe weer en ek hardloop agter hom aan. Hy loop so deur 'n baaltetjie en ek gee hom nog twee skote, maar toe hoor ek Jimmy hier agter kreun. Toe ek by hom kom toe staan hy op, sy klere nou stukkend geskeur, en die vel af van sy arm, maar die buffel het hom nooit raak getrap nie. Dit was 'n bestiering van Bo. Toe kom Nic daar aan. Ons volg toe die spoor, dis vreeslik baie bloed. Ons kry Jim se geweer maar ons kon die buffel nie weer kry nie. Dit is toe gevaarlik en half donker in die bos. En daar pik 'n mamba na my, gelukkig net mis. Ek se vir ou Nic nee, so ver, ek gaan nie verder nie. Eers die buffel en nou die slang.

Groet Hendrik Odendaal.

SO IETSIE HIER EN DAAR....

DIE BEKKER GESINNE VAN THIKA

Hierdie Voortrekkers het ook in die jaar 1905-6 na Kenia getrek, tot op Tanga, en van daar het hulle deur Tanzania (Tanganyika) getrek, blykbaar saam met die Groot Trek. Hulle het swaar gekry, baie van hulle het aan koors gesterf. Uiteindelik het hulle op Thika aan gekom en daar het hulle in tente gebly totdat hulle kon bou. Tant Marta Jooste, dogter van Dom Martiens Bekker, (bynaam Mooi Boetie) het hierdie storie aan my vertel.

Dit het hulle 'n hele jaar gevat om 'n swarte mak te maak; elke dag is gespartel om hom te kry om kiere te dra, maar dit het nog langer gevat om hom te kry om 'n dag lank te werk. Hy het snags akkers grond omgepik, maar as dit lig word, verdwyn hy weer in die bosse. Hy wou nie met 'n pik wat hulle vir hom gegee het werk nie, maar het rivier toe gegaan en daar het hy vir homself 'n stuk tak gesny en om mee te werk.

DIE SMIT GESIN VAN DANDORA.

Oom Andries en Tant Lenie (my Oupa en Ouma) het in 1911 Kenya toe getrek waar hulle eers op Kamite gewoon het maar later het hulle by Dandora grond gekoop. My ma het in SA met Stoffel Smit, (my Pa) Oom Andries se seun, getrou. Oupa het toe vir Sir Northrup McMillan gewerk as tuinier, eers in Nairobi maar later op die plaas naby Donyo Subuk, die berg wat binne die plaas grond geval het. Sir Northrup le halfpad teen die berg op begrawe. Oupa het sy graf gegrawe. Na die begrafnis het hulle 'n rots op die graf geplaas sodat die wilde diere dit nie kon vernietig nie. In 1948 het Ouma en Oupa teruggekom SA toe, waarna hulle op Machadadorp gaan woon het. In 1965 het Ouma en Oupa hulle 78ste troudag gevier. Oupa is daarna oorlede en Ouma het 104 jaar oud geword.

DIE EERSTE AFRIKAANSE-SKOOLO is in 1931 op Dandora gebou. My Ma Katerina van Rensburg het die gebou, nie groot nie, opgerig. Sy het met die Gowerment gespartel om banke, en boeke te kry. Die V d Merwes, Bothmas Jouberts, en Randall de Lange, Frank de Lange se kinders, het almal daar skoolgegaan. Aunt Lily Bekker het destyds die kinders geleer en daarna het Mev Pretorius oorgeneem. Later het my Pa, Hendrik van Rensburg 'n meester van SA af laat kom, 'n sekere mnr Koning. In daardie ou skooltjie het ons Nagmaal en Basaar gehou. Voor Nagmaal het die boere met ossewaens gekom en vir 'n week gekamp want ons het maar net eenmaal 'n jaar 'n predikant gesien. In daardie skool het Ds Murray 17 lidmate aangeneem, waarvan ek een was. Ek sal een middag nooit vergeet nie: Ds Murray het ons gedril, toe se hy vir ons, "Julle is soos 'n klomp donkies. Was dit nie dat julle 'n predikant so min sien nie, wys ek julle almal weg." Deur die jare het die leraars altyd op die plaas by Ma-hulle tuisgegaan. Sy moes altyd sorg vir die Nagmaalbrood, -wyn en tafeldoek. Dit het 'n ruk geneem om geld bymekaar te maak, en later het ons die Skotse Kerk in Nairobi gekoop.

'n Week voor Ds Laubser teruggekom het SA toe, het hy 'n week op die plaas gebly. Hy het vreeslik aan roos aan sy voete gely. Die grootste eer wat my tebeurtgeval het, was om so 'n groot man te kon help. Ek het elke aand sy voete gaan smeer. Toe hy van Mombasa af vertrek het, het hy vir my 10/- gestuur saam met 'n pragtige brief.

Tot volgende keer; Mev A Ulyate.

'n Brief uit die Kaap.

Dalblair, Little Rd,
Somerset West. 7130
6 August 1987

Soos Oom Jan Barnard altyd nakkelend gese het as hy so verskriklik naastig geword het, ek moet nou v v v v v v verdomp gou maak anders is die brief laat.

Danie ons ouens hier is eintlik die vergete seksie van die "When Wees". Die lekker lewe in die Kaap soos die gamats dit besing vind ons ook lekker, ons verlang net na julle daar ver, veral as julle soos vanjaar baie koud kry. Wanneer julle hoor van kapok op ons berge, dan verkluiem ons nog glad nie. Ons woon onder in die kom van die Hottentots Holland met die see pragtig voor ons maar buite bereik van die ergste Suid Ooster en die roes. Ons almal se liewe vriende, die Lootse, woon ook hier en Lieb tensy hy op koorsing is kan altyd in shorts opgemerk word. Iris weer swem jaar in jaar uit elke oggend, ek weet nie hoeveel lengtes nie - - myle!

Die ouens wat wette maak is slim om elke jaar vir ses maande Kaap toe te kom. Dat sommige van die wette vir ons maar dom voorkom het niks te make met die wyn en die Suid Ooster nie. Inflasie sou baie erger gewees het en baie van die wette nog simpelder as die manne permanent in Pretoria vergader.

Rugby:- WP het besluit om nie vandeessjaar sulke kookwater rugby te speel nie. Nou aanskou ons maar hoe die manne in die ander Provinsies dinge uitspook, dikwels soos ons liewe Ensins van ouds. Hoe prettig!

Snaaks elke slag as ek Naas sien drop, dink ek aan Sonnie (nou al 80) noedat hy (Adam Vick en Willem sal onthou) EENDAG, vanaf vlak voor die pale, 'n drop oorgesit het, terwyl hy droppe geef en het, maar hy kon nooit in 'n wedstryd nie, en hoe dat hy daarna aanspraak gemaak het op die losskakel plek in ons span. Sonnie moes na regte op vleuel uitgedraf het omdat hy so geweldig vinnig was. Maar hy kon nie sonder goggeis speel nie en dus nooit die span gehaal nie want 'n man mag mos nie daarmee speel nie.

My broer Johannes het vertel van 'n rugbybal wat Oom Boetie Koot Prinsloo geskenk het aan die Boeresports-Klub wat in die vroeë dertiger jare, voordat die mense weg is Kakamega toe agter goud aan, op Broederstroom bestaan het. Op 'n dag toe die skenker nie 'n plek in die span naal nie het hy die bal gegryp en daarmee in sy boxbody kar weggery Sergioit toe. "Fair enough, no Game, no play."

Op 'n dag het twee boeremanne van die Plateau voor die besige New Stanley gestaan en gelyk na twee gekke wat deur swaap verneuk was toe 'n wildspookie uit die boot van hulle motor spring en met Delamere Avenue deur die druk verkeer vlieg na vryheid. Mens wonder of die tommy ooit weer by Naivasha uitgekóm het, waar hy as dood opgelaaie was as vergoeding vir 'n ouk wat hy in 'n motor veroorsaak het. Ook wonder mens of daardie bottel White Horse nie sou geboek het nie, toe die koffertjie waarin dit was in die straat oopgeval het met die affere van die ook se uitspring, as dit nie so goed in 'n pak nagklere toegepraal was nie. Broer Fanie en Hennie wonder seker ook nog oor dit alles.

'n Mooi stukkie geskiedenis en wat hy self aan my vertel het is die van Carl E (vanjaar ook 80). Op 16 jaar het hy vir 'n ene Kruger gewerk op 'n plaas as skrynerker in die Ngara Ndari tussen Nanyuki en Isiolo (vandag Powes se grond. Die waterwiel het ek in 1977 nog daar gesien). Op 'n dag ontvang hy 'n telegram (3 dae oud) van sy ouers op Plateau "Come home immediately". Ontsettend bekommerd van die jongeling in die pad huis toe. 'n Reis wat destyds baie dae geneem het, oskar, treinreis en voetslaan. Laat op 'n middag kom hy toe eindelijk tuis, tref sy Moeder alleen daar aan maar is te bang om uit te vra na die welstand van die ander gesinslede. Eers laat die aand toe hy merk hulle is voltallig, waag hy dit om te verneem na die rede vir die dringende ontbieding. Sy ma se: "Ons het maar net verlang".

Dis 1947. Die jaar reën dit verskriklik. Paaie omtrent onbegaanbaar. Onmoontlik snags met 'n ex-army 3 tonner Ford. Dis ook al wat ek besit het en 'n groot khaki jas wat ek met ontslag, na die oorlog, nie ingegee het nie. "Lost in action". Ek probeer boer en speel 'n bietjie voetbal en ek vry na Anna wat saam met 'n ander onderwyseres 'n drieslaapkamerhuis bewoon. Saterdag nagte na voetbal en onthale was daar nie vir my slaapplek in daardie skoolhuis nie. Slaapplek in onderwyseresse se huise was moeilik daardie dae, veral omdat die besoeker se voertuig moeilik versteekbaar was. Die Pionier Hotel was altyd propvol mense. Een Sondagoggend toe die hotelgaste inkom vir ontbyt, is hulle verwonderd oor iemand wat uitgestrek lê op die rusbank naaste aan die deur waar almal verby loop. Op pad uit na ontbyt is die toestand van die misteriese 'occupant' van die rusbank onveranderd, "as comfortable as can be expected under the circumstances", die gesig bedek met 'n khaki army jas, maar wat uitsteek is die voete in modderbesmeerde skoene, 'n size eleven! Vandag vir groter gemak dra ek size twelve.

Take my boots off when I die!

Hy sal dit nooit vandag se nie, verklaar Joey v H se kleindogter (6) oortuigend toe ouma vertel van hoe oorlede eenbeen Gert de Jager van die Verbrandebos altyd vir haar bewonderend gese het hoe pragtig sy vir hom was. Uit die mond van die suigeling. Die van Heerdens woon nou op George saam met Fanie en Baby, Rex Kirk - hulle en die Niewenhuiizens. Martha se gesondheid is omtrent daarmee heen - - maar glad nie haar humorsin en pittige segoed nie. Koos speel nog gereeld tennis.

Rafikis, daar wag altyd 'n Karoo vleisie en Bolandse wyntjie vir julle hier by ons.

Danie, baie dankie vir wat julle mense daar doen om die ou iot elke jaar bymekaar te proeër kry, en die nuusbrief, Well done!

Jonan en Hettie Rousseau is op Gordon s Baai, waar hy veearts is.

Tot Oktobermaand weer hier is.

Liefdegroete
Gert en Anna Barnard

SKENKING VAN KERKORREL

GEMEENTE VERGENOEG AAN HUIS VERGENOEG

OORHANDIGING DEUR OOS-AFRIKA VRIENDE KOMITEE OP 7 OKTOBER 1978.

Die Ned. Geref. gemeente Vergenoeg in Kenia op die ewenaar is op 29 AUGUSTUS 1908 op die plaas van oom Frans Arnoldi naby Nakuru gestig deur ds. J. M. Louw wat deur die moderatuur van Transvaal na Oos-Afrika gestuur is. Hy het die gemeënte die naam Vergenoeg gegee omdat die Afrikaners nou ver genoeg getrek het. Sy teksvers was Markus 16 vers 3. Die gemeente is op 19 JANUARIE 1975 ontbind by die laaste erediens wat deur ds. A. S. Labuschagne gehou is, met die teksvers uit Markus 1 vers 15.

DIE EERSTE KERKGEBOU, die sogenaamde Bamboeskerk, was 'n tydelike gebou van bamboesmure en 'n papkuildak, en is op die plaas van mnr. Koos Prinsloo 12 km. oos van Eldoret opgerig, kort na die aankoms van ds. M. P. Loubser in 1909.

DIE TWEDE KERKGEBOU, op Eldoret, is met die gemeente se ywer en aangevul deur skenkings uit die Suide op Dingaansdag 1921 sonder skuld ingewy deur ds. M. P. Loubser. In hierdie kerkgebou is die „OU ORREL" gebruik tot 1958, waarvan die kerkraadsnotule net twee keer vermeld: 13.12.1926 — nog R80 skuld en die leraar sal dit aan die gemeente sê; 23.12.1926 — nog R70 skuld en toe betaal individuele lidmate die skuld daar en dan.

DIE DERDE KERKGEBOU sou nooit gebou word nie. Met 'n boufonds van R40,000 moes afgesien word van bouplanne omdat die Afrikaners begin wegtrek het.

Op die LAASTE KERKRAADSYERGADERING van Vergenoeg op 11.1.1975 is finaal besluit om DIE BOUFONDS d.m.v. die SKDB van N.T.vl. aan huis Vergenoeg te skenk, en dat die kosbare museumstukke na die argief in Pretoria sal gaan, en so kom die „OU ORREL" tot rus in Huis Vergenoeg, die naam van Vergenoeggemeente. Diaken Chris Hearne het die uiterste moeite gedoen om die orrel in die RSA te besorg.

OPGESTEL DEUR DS. P. J. GROBLER, leraar Vergenoeg 1962 en 1963.

P. J. Grobler 7/10/1978

DIE OOS-AFRIKA OSSEWA


(Enkele Aantekeninge)

1. Dit is 'n 'Merryweather' wa van 1915
2. Dit is bestel direk van die Merryweatherfabriek in Pietermaritzburg deur mnr. Albert Steyn van Eldoret reeds in 1912. In sy brief het hy gespesifiseer watter tipes hout vir elke deel van die wa gebruik moes word.
3. Die wa is in Kania gelewer gedurende die eerste wêreldoorlog, vermoedelik in 1915 of 1916, en is toe gekommandeer vir gebruik deur die Belfield Scouts. Anders as baie van die ander waens wat gekommandeer is is dit terugbesorg, en onbeskadig terugbesorg, waarna dit gereeld gebruik is vir plaasvervoer en nagmaal.
4. Na die oorlog is die ossewa aan mnr. J.F. Rousseau van Eldoret verkoop vir £150. Die jukke is in die koop ingesluit. 'n Nuwe Plymouth het toe £125 gekos.
5. Tydens die 50-jarige fees van Eldoret in 1962 is die wa as ryding vir die Koningin-moeder op die landbou ~~tentoonstelling-gebruik~~. Mnr. C.J. Roets was die drywer en hy het sy span swart Afrikanerosse gebruik.
6. Daarna is die wa na Hughes Ltd. in Kitale, waar mnr. Rousseau se skoonseun, mnr. Dirk Coetzee, die bestuurder was. Die Ford-motorbesigheid het die wa vir skoudoeleindes gebruik. Omdat dit na Uhuru vermoedelik nie meer vir die doel gebruik kon word nie is dit aan mnr. C.J. Roets geskenk.
7. In 1965 het mnr. J.N. Boshoff en sy seun, mnr. A.G. Boshoff, die wa by mnr. Roets gaan haal, dit uitmekaar gehaal, verpak en na Suid-Afrika laat versend.

A.G. Boshoff.

Querschnitt durch den
Mere Kessel von N nach S
von E gesehen

(14)



Querschnitt durch den Mere Kessel von W nach E.

von N gesehen
Die roten Stellen bedeuten Dämpfe.
— bedeutet Vegetation

